HOOFSTUK VYF

# JESUS

## A. Oriënterende oorsig.

### (1) Historiese agtergrond.

Met uitsondering van die Makkabeër-eeu (167 - 63 v.C.) was Israel vanaf 586 v.C. tot sy politieke uitdelging in 70 n.C. altyd aan een of ander magtige heidenvolk onderworpe, agtereenvolgens aan Babilonië, Persië, Griekeland, Sirië, Egipte en Rome. 1) Sedert die aanvang van die Babiloniese ballingskap in 586 v.C. is groot getalle Jode as slawe weggevoer. Ander het Palestina uit vrye wil verlaat om aan verdrukking te ontvlug of om handelsgeleenthede in vreemde lande te benut. So ontstaan daar geleidelik dwarsdeur die beskaafde wêreld van die tyd talle Joodse gemeenskappe. 2) Hierdie verspreiding van die Jode staan bekend as die Diaspora of verstrooiing en het in die Romeinse tyd sy hoogtepunt bereik. Van die tyd omstreeks 80 v.C. skryf die Romeinse historikus Strabo dat die Joodse volk reeds tot in elke stad deurgedring het en dat dit nie maklik is om 'n plek op die aarde te vind wat nie deur hulle beheers word nie. 3) Teen die tyd van Jesus was daar ongeveer eenmiljoen Jode in Egipte, sowat 12 - 13% van die land se totale bevolking. In die hele Romeinse ryk was ongeveer 4 - 4½ miljoen Jode, wat sowat 7% van die totale bevolking was. Van die totale aantal Jode het slegs 'n minderheid in Palestina gewoon. 4)

Met Hellenistiese verdraagsaamheid het Rome elke volk onder sy heerskappy volkome godsdiensvryheid toegelaat 5) en so was die Joodse godsdiens ook 'n religio licita. Aan die Jode is selfs spesiale voorregte toegestaan: so het hulle onder Romeinse heerskappy hul eie priesterlike regering en regspraak onder die hoëpriester en die Sanhedrin gehad. 6)

Die Joodse invloed op die volkere tussen wie hulle gewoon het, is deur die maak van bekeerlinge versterk. Die groot aantal proseliete (nuut aangekomenes) bewys die sukses wat die Joodse religieuse propa-

---

1) Swift: Education in ancient Israel, p. 41.
2) Ibid., p. 46; Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 7; Van Unnik, W.C.: Het Jodendom in de verstrooiing in Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 540.
3) Aalders: Op. cit., p. 9.
4) Quispel, G.: De mysteriën van het syncretisme in Waszink: Op. cit., p. 141; Van Unnik: Op. cit., p. 537; Durant: De Griekse wereld, p. 674.
5) Vgl. hierdie studie, p. 147.
6) Aalders: Op. cit., p. 12-13.

ganda gehad het en wat nie slegs uit godsdienstige nie, maar ook uit nasionale oorwegings gevoer is. [1]) Selfs by die Uittog en by die verbondsluiting by Sinaï was reeds talle proseliete teenwoordig. [2]) Die Jode het baie moeite gedoen om bekeerlinge onder die heidene te maak. [3]) Elke Jood, watter bedryf hy ook al beoefen het, het sendingwerk gedoen [4]) en dit het soveel sukses gehad dat die Romeine dit soms as 'n vorm van verset teen die Romeinse ryk gevrees het. [5])

Dit word aangeneem dat in Rome alleen minstens tien sinagoges moes gewees het. [6]) Sommige proseliete is deur die besnydenis heeltemal by Israel ingelyf; ander, die sogenaamde "godvresendes", het minder nou met die sinagoge meegeleef. [7]) Die groot omvang wat die proselitisme bereik het, moet onder meer toegeskryf word aan die hoë sedelike peil van die Joodse godsdiens wat in die tyd van die morele verval van die heidenwêreld [8]) vir ernstige mense groot aantrekkingskrag gehad het. Die belangstelling vir Oosterse misteriedienste was in hierdie tyd eweneens groot. [9])

Terselfdertyd moes die Jode in die Diaspora egter ook talle uitinge van Jodehaat verduur. Hulle is beskuldig van ateïsme weens hulle minagting vir ander volkere se gode en van eksklusivisme en mensehaat, maar oorwegings soos die Joodse kinderrykdom en ekonomiese aanleg sou wel ook daarmee te doen gehad het. [10])

Die maak van proseliete was vir die Diaspora-Jood van die vroegste tye af 'n waardevolle middel om sy godsdiens se invloedsfeer uit te brei, maar dit het ook, saam met die verblyf in die vreemde, die omgekeerde effek gehad dat dit die Jood blootgestel het aan beïnvloeding deur heidense denkbeelde. [11]) Vir Israel, politiek reeds neergeslaan, het die invloed van vreemde volkere - nie slegs in die Diaspora nie, maar ook as gevolg van vreemde nedersettings in Palestina self [12]) - die groter gevaar van geestelike assimilasie ingehou. Israel dank sy hele bestaan

---

1) Aalders: Paulus, p. 17, 22. Levison: The Jewish background, p. 182.
2) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 214.
3) Matth. 23:15.
4) Grolle, J.H.: Het apostolaat der kerk in De Beus e.a.: Op het spoor, p.155.
5) De Boer, P.A.H.: De godsdienst van het Jodendom in Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 518.
6) Mulder, H.: Theophilus in Grosheide: Arcana revelata, p. 84.
7) Aalders: Op. cit., p. 26; Mulder: Op. cit., p. 80.
8) Vgl. hierdie studie, p. 134-136, 144-145.
9) Aalders: Op. cit., p. 17.
10) Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 276.
11) Kellett: A short history, p. 85; Von Harnack: Lehrbuch, p. 61.
12) Bronkhorst: De geschiedenis van Israël, p. 30.

daaraan dat hy die verbondsvolk is, anders as ander volkere, en as hy sou ophou om dit te wees, sou hy sy bestaansreg verloor. Dat Israel nie alleen behoue gebly het nie, maar tewens sy religie en sy volksbestaan magtig uitgebou het, is toe te skryf aan sy geloof in Jahwe, die verbondsgod, aan wie se hand hy nie alleen oorwinning en vrede nie, maar ook die lyding van ballingskap en vervolging deurmaak; dit is te danke aan sy nasionale solidariteit as verbondsvolk waarvan die besnydenis die konkrete teken is; dit is te danke aan die heiliging van die Sabbat, die simbool van vryheid; aan die gehegtheid aan Jerusalem as middelpunt van sy geloof en aan die tradisie en geskiedenis wat in sy heilige skrifte vervat is. [1])

Deur sy getrouheid aan die verbond bly die kern van Israel gedurende die 48 jaar van die Babiloniese ballingskap nie alleen bewaar nie, maar bereik sy religie tewens 'n voorheen ongekende peil. Met die deportasie na Babilon verval die tempeldiens natuurlik. Ontdoen van hulle tradisionele tempelpligte, wy die priesters hulle nou aan lering en skryfarbeid. "They collected and transmitted (at first orally, later by writing) laws, rites, ceremonies, myths, legends and history. They compiled, edited and transmitted this literature. They put much of it into forms easy to grasp and remember and taught it to the people. Through their literary efforts they began the compilation of that great body of literature which still remains the world's unsurpassed text for religious and moral instruction." [2])

In die krisistye het Israel se leiers die religie as beklemtoning van die volk se eiesoortigheid as redmiddel aangegryp. [3]) In hierdie konserverende en progressiewe opvoedingstaak in diens van die religie het hulle gebruik gemaak van die bydrae van die profete van dié tyd en van die verlede. [4])

Die diepgaande studie en kennis van die wet, wat uiteindelik tot die ontstaan van die Jerusalemse en Babiloniese Talmoeds sou lei, het aan die priesters die hoogste politieke sowel as religieuse gesag verleen. Patriotisme en vroomheid val nou saam en dit mond uit in 'n priesterregering gelei deur die hoëpriester en die Sanhedrin. Die vreemde oorheersers het hierdie priestergesag, wat ook in die tyd van Jesus nog voortgeduur het, erken en as slegs aan hulleself ondergeskik beskou.

---

1) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 187.
2) Swift: Education in ancient Israel, p. 34.
3) Ibid., p. 75. Vgl. p. 41.
4) Ibid., p. 38.

Toe sommige Jode in 538 v.C., ná die Persiese oorwinning oor Babilonië, na Jerusalem terugkeer en die "tweede tempel" opgebou is, het die priesters se toewyding aan hulle politieke en administratiewe pligte tesame met die nuwe gekompliseerde stelsel van aanbidding hulle gedwing om geleidelik afstand te doen van hulle onderwysende funksie, wat deur 'n nuut-ontstane leke-orde van onderwysers, die Soferim of skrifgeleerdes, oorgeneem is. Die tempel word ná die terugkeer weer die nasionale sentrum vir religieuse opvoeding. Daar kom die volk van oor die hele wêreld in sy duisende byeen vir die groot feeste, daar leer hy van die Leviete-kore die nasionale lofsange, in die tempelhowe word openbare onderrig gegee en so verenig en standardiseer die tempel die religie en religieuse opvoeding.

Maar naas die tempel ontstaan die na-eksiliese instelling, die sinagoge, waarin die Soferim die geestelike leiers was. Die sinagoge is na regte van Babiloniese oorsprong. Toe die ballingskap die hoop op 'n aardse utopie vernietig het, is 'n nuwe ideaal aangegryp, naamlik die bewaring van die volk deur middel van die religie en dus deur die opvoeding. Om die verdwene tempel as nasionale en religieuse sentrum te vervang, ontstaan die sinagoge, wat nie slegs 'n plek van aanbidding was nie, maar eerder 'n vergaderplek waar godsdienstige onderwerpe bespreek en waar die wet uiteengesit is. [1]) (Die Grieks synagogai beteken plek van samekoms. [2]) Tot in die verste uithoeke van die Diaspora word sinagoges gestig sodra daar tien volwasse mans as lede is. Selfs op Masada is deur die Selote 'n sinagoge ingerig en gebruik gedurende die sewe jaar waarin hierdie kransberg as hulle vesting gedien het. [3])

Volgens die model van die tempeldiens en op presies dieselfde tye is in die sinagoges diens gehou. [4]) Aanvanklik is hierdie dienste op die Sabbat, op fees- en vasdae en op die twee weeklikse markdae gehou. Die lees en studie van die pentateug het telkens 'n siklus van 3 - 3½ jaar betrek. Deur die sinagoge is aanbidding en opvoeding tot één geheel verbind. Die sinagoge het nie alleen sistematiese onderrig aan die hele volk, vrou sowel as man, gebied nie, maar deurdat dit elkeen wat daartoe in staat was, toegelaat het om die wet uit te lê, het dit tewens as prikkel tot diepgaande studie gedien vir elkeen wat die tyd en die bekwaamheid daartoe gehad het. Deur die toedoen van die sinagoge en die Soferim word

---

1) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 137.
2) Durant: De Griekse wereld, p. 688.
3) Yadin, Y.: Masada, p. 184.
4) Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 275.

elke Jood 'n student van die wet wat deur Esra versamel is en as kern van die godsdienstige lewe en van die hele opvoeding sou dien. [1]

Aanvanklik het die skrifgeleerdes, manne wie se hele lewe aan die studie en die oordrag van die wet van Jahwe gewy was, slegs aan volwasse mans onderrig gegee, wat dit tuis aan hulle gesinne moes oordra. Vanaf 70 v.C. is bywoning van dié klasse ook vir weesseuns vanaf hulle sestiende jaar verpligtend gemaak. [2] Die volgende stap was om die sinagoge ook as dagskool te gebruik, net soos skole in Babilonië aan die tempels verbonde was. Bywoning van hierdie elementêre skool, wat 'n deel van die ouers se opvoedingsverpligtinge oorneem, word later verpligtend.

Ooreenkomstig Esra se aanvaarding van die wet en die volk se onderneming om daaraan getrou te bly, beskou die skrifgeleerdes hulle beroep as heilig: aan hulle is die taak opgedra om die wette wat Jahwe self gegee het, oor te dra. Deur hulle literêre en pedagogiese aktiwiteite verkry hulle gaandeweg feitlik algehele beheer oor die volk se religieuse denke en opvoeding. Hulle vertolk die wet (wat in die reeds nie meer gebruiklike Hebreeus geskryf was) vir die massas en in hulle skole word die mondelinge oorleweringe georden wat later die Talmoed sou word. In die skole het die skrifgeleerdes gratis onderrig gegee en deur 'n handwerk in hulle onderhoud voorsien.

Die basis van die elementêre onderwys was religie, en die skole het hoogstaande werk gedoen. "An interesting commentary on the (elementary) education of the time is that of Jesus. He never attended one of the Rabbinical schools (Mark vi. 2,3), and this allows us to see what advantages the common people had. His knowledge of the Scriptures was remarkable and unchallenged. He could read Hebrew and was often called upon to officiate in the synagogue (Luke iv.16; Mark i,21, etc.)" [3]

Benewens die elementêre skole wat aan die sinagoges verbonde was, was vanaf omstreeks 75 v.C. in alle groot dorpe hoërskole vir jong manne ouer as sestien jaar. Daar is die heilige skrifte en veral die pentateug bestudeer. [4] Dit was die sogenaamde rabbynse skole waarin toekomstige Soferim opgelei is. Terwyl alle Hellenistiese invloed doelbewus uit die elementêre skole geweer is, is Griekse filosofie hier en daar in die rabbynse skole bestudeer, onder andere in die skool van Paulus se leermeester,

---

1) Swift: Education in ancient Israel, p. 88.
2) Ibid., p. 94.
3) Ibid., p. 99.
4) Ibid., p. 83.

Gamáliël. Die kern van die studie was egter ook hier die Joodse heilige skrifte. 'n Groot deel van die onderwys het bestaan uit die memoriseer van die altyd uitbreidende mondelinge literatuur, die Halaka (die wetlike element) en die Haggada, wat onder andere fabels, spreekwoorde, tradisies, geskiedenis en wetenskap behels het. Eeuelank was dit verbied om die Halaka op skrif te stel en moes dit mondeling oorgelewer word. Die mondelinge wet het uiteindelik tot die Talmoeds ontwikkel. [1] Die Soferim se onderrig het veral die mondelinge wet behels. Ter illustrasie het hulle van gelykenis en allegorie gebruik gemaak en kennis in die vorm van spreuke en epigramme gegiet sodat dit maklik onthou kon word. Tussen verskillende Soferim is dikwels openbare besprekinge gehou wat vir die gewone volk groot vormende waarde gehad het.

Bedreig deur vreemde invloede, het Israel religie en opvoeding aangegryp om sy nasionale karakter te bewaar ter wille van die verbond wat hy met Jahwe gesluit het. Hierin het die skrifgeleerdes 'n rol gespeel wat nie oorskat kan word nie. Ongelukkig het hulle as yweraars vir die suiwere nakoming van die verbond deur absolute wetsgehoorsaamheid dikwels te legalisties opgetree en gaandeweg soveel klem op die tegniese nakoming van besonderhede gelê dat die groot, grondliggende beginsels uit die oog verloor is. [2]

Deur religie en opvoeding die bastion van die volkseie te maak, het die kern van Israel in die tyd na die Babiloniese ballingskap daarin geslaag om sy volksbestaan en religieuse beskouinge te bewaar. 'n Ernstiger bedreiging het egter opgeduik met die oorwinningstogte van Alexander van Macedonië en die heerskappy van sy opvolgers, wat die tydperk 332 - 175 v.C. beslaan het. Toe die Persiese ryk, die opvolger van die Babiloniese, met verbysterende snelheid voor die aanslae van Alexander ineenstort, was die nuwe heersers al eeuelank by Israel as handelaars bekend. Griekse indringing het toe reeds geruime tyd op vreedsame wyse plaasgevind en Alexander se humane behandeling van die Joodse volk het meegebring dat die koms van die Grieke aanvanklik weinig invloed op Jerusalem gehad het. [3] Dat Israel goed met Alexander saamgewerk het, blyk uit die Joodse deelname aan die stigting van Alexandrië en aan die feit dat Babiloniese Jode in Alexander se leër gedien het. [4]

---

1) Swift: Education in ancient Israel, p. 100-101.
2) Ibid., p. 84.
3) De Beek, M.A.: De geschiedenis van Palestina in Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 390-391.
4) Bronkhorst: De geschiedenis van Israël, p. 27.

Juis die welwillende behandeling wat Israel van die Hellenistiese veroweraar ontvang het, het die gevaar van Griekse beïnvloeding vererger. 'n Aanduiding van die mate waarin veral die Jode van die Diaspora gehelleniseer geraak het, word gebied deur die Septuagint, die vertaling van die Ou Testament in Grieks in Alexandrië tussen die jare 250 en 130 v.C. Soveel Jode het destyds al Grieks as huistaal aangeneem dat die meerderheid sonder die Septuagint waarskynlik van hulle godsdiens vervreem sou geraak het. Daarbenewens het die Septuagint die verdienste gehad dat dit die denkbeelde van die Ou Testament ook aan Griekssprekende nie-Jode uitgedra het. [1)]

Die proses van Hellenisering sou in die eerste eeu n.C. verder tot uiting kom in Philo van Alexandrië se pogings om op die terrein van die wysbegeerte 'n sintese tussen die Joodse godsdienstige beskouinge en die Griekse filosofie tot stand te bring. [2)] Deur allegoriese verklaring van die skrifte vertolk hy die Joodse religie vir die Griek en dien daarmee as herout vir Christus in die Hellenistiese wêreld. [3)]

Alexander se opvolgers, die Ptolemeërs van Egipte en die Siriese Seleuciede, sit die aangevange Helleniseringsproses voort. Terwyl baie Jode hulle onder Alexander se bewind in Alexandrië gevestig en daar burgerreg verkry het, bring Ptolemeüs I ná sy verowering van Jerusalem in 320 v.C. duisende Joodse gevangenes ook daarheen, waar hulle deur sy opvolgers vrygelaat is. Aan die begin van die Christelike jaartelling was daar sowat eenmiljoen Jode in Egipte. Die Hellenisering van die Alexandrynse Jode misluk egter op die duur: die Griekse heersers van Egipte veroosters self en misteriedienste kry die oorhand in die geestelike lewe van die Egiptiese Grieke terwyl die Joodse bevolking aan sy tradisies betreklik getrou bly. [4)]

Na Alexander se dood volg jare van bloedige stryd tussen sy generaals, die <u>Diadoche</u>. Tot in 198 v.C. staan Palestina onder die heerskappy van die Ptolemeërs van Egipte terwyl die hoëpriester in Jerusalem die rol van onderkoning oor sy volk vervul. [5)] In Palestina en

---

1) Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 19. Vgl. Durant: De Griekse wereld, p. 19; Kellett: A short history, p. 87.
2) Aalders: Op. cit., p. 20. Vgl. De Boer: The imitation of Paul, p. 48.
3) Stelma, J.H.: Philo van Alexandrië <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 589. Vgl. Levison: The Jewish background, p. 174.
4) Durant: Op. cit., p. 688. Vgl. Bronkhorst: De geschiedenis van Israël, p. 28.
5) Bronkhorst: Op. cit., p. 30.

Phoenicië stig die Ptolemeërs bloeiende Griekse stede as kultuursentra om die gebied te vergrieks. 1) Ou gedenktekens word verwoes en die Griekse taal en gode kom die land binne. Selfs op Joodse sinagoges in Palestina verskyn in dié tyd Griekse inskripsies. Hoewel Grieks die Joodse wêreld diep binnegedring het, het die religie 'n sterk wal teen die vloed gevorm, veral in Jerusalem. 2)

Die oorname van Palestina deur die Siriese Seleuciede in 198 v.C. bring vir die Jode 'n verslegting van toestande mee. 3) Veral onder Antiochus IV Epiphanes (175 - 163 v.C.) het vir Israel smartlike tye gevolg. 4) Om skatte te versamel vir die dreigende oorlog met Rome en om sy ryk te verenig deur dit te helleniseer, het Antiochus genadeloos opgetree. 5) 'n Griekse altaar is op die brandofferaltaar in Jerusalem opgerig en varke daarop geoffer; 'n standbeeld van Zeus is in die tempel aangebring en die besit van die boeke van die wet sowel as die heiliging van die Sabbat is met die dood gestraf. 6)

Hoe ver die Hellenisering van Israel reeds gevorder het, blyk uit die feit dat Antiochus sterk steun van die pro-Griekse party in Jerusalem ontvang het. Sommige Joodse leiers het reeds geruime tyd die kulturele integrasie van hulle volk met die Grieks-oriëntale monargie gepropageer. 7) Vanuit die Griekse stede in Palestina en Phoenicië het die bekoring van die gesofistikeerde Epikuristiese leefwyse met sy wetenskap en filosofie, kuns en letterkunde, skoonheid en genot, sang en dans, drank en feesviering, atletiek, courtisanes en pederastie die Joodse religie en moraal ondermyn, 'n magtige aanval op die intellek sowel as die sintuie. 8)

As dit 'n ongestoorde en ongeforseerde verloop gegun was, sou die Hellenisme moontlik die oorhand behaal het, maar die lyding wat Antiochus se gewelddadige optrede gebring het, het die volk uit sy verdowing gewek.

In Jerusalem staan die vergriekste hoë priester Jason (Josua) en na sy afsetting Menelaüs aan die hoof van die pro-Hellenistiese party. 9) Om die Hellenistiese kultuur se aantreklikheid te beklemtoon, bou Jason

1) Bronkhorst: De geschiedenis van Israël, p. 30-31. Vgl. Durant: De Griekse wereld, p. 675.
2) Bronkhorst: Op. cit., p. 32.
3) Kroeze: Handboek Bybelse geskiedenis, p. 542-543.
4) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 669.
5) Kroeze: Loc. cit.
6) Levison: The Jewish background, p. 23; Swift: Education in ancient Israel, p. 43.
7) Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 254.
8) Durant: Loc. cit.
9) Kellett: A short history of religions, p. 74.

in Jerusalem 'n Griekse teater en gimnasium. 1) So ver is die Hellenisering van Israel gevorder dat 'n groot deel van die Joodse jeug en selfs sommige priesters volgens Griekse voorbeeld nakend aan die spele deelneem. Sommige van hulle het in so 'n mate die verbond met God afgesweer dat hulle operasies ondergaan het om die uitwerking van die besnydenis - die teken van die verbond - tot niet te maak. 2)

Reaksie van die kant van die ortodokse Jode bly nie uit nie. Daar is 'n opstand van die Chasidim ("Vromes"), 'n puriteinse sekte wat ongeveer in 300 v.C. gestig is. Die Chasidim weier om hulself op die Sabbat te verdedig met die gevolg dat duisende gedood of as slawe verkoop is. Die opstand word in bloed en vlamme gesmoor, die stad se mure word neergehaal en Joodse skole en sinagoges gesluit. Die oorblywende Chasidim vlug na die berge waar hulle deur die koning se soldate gejag word. Judaïsme, wat op die punt gestaan het om geassimileer te word, word egter deur hierdie opstand tot 'n godsdienstige en nasionale bewussyn verdiep en trek hom in die beskermende isolement van sy religie en volkseie terug. 3)

Toe Antiochus se boodskapper die tans onbekende dorpie Modin bereik om die Joodse inwoners te dwing om op die altaar van Zeus te offer, dood 'n bejaarde priester, Mattathias, uit die geslag van die Hasmonai, 'n Jood wat wou offer sowel as die koning se amptenaar. Die rebelle en die Chasidim wat nog lewe trek hulle na die gebergte van Efraim terug. Die bejaarde Mattathias word deur sy seun Judas, bygenaamd Makkabeüs (die Hamer) opgevolg. Die heldhaftige klein leër lewe onder haglike omstandighede in die berge, onderneem guerilla-uitvalle teen dorpies om heidense altare te vernietig en besny seuns wat hulle vind. Byna ongelooflike oorwinnings word deur die Makkabeërs oor Antiochus se gedugte strafleërs behaal en in 163 v.C. neem hulle Jerusalem in, reinig en heilig die tempel en herstel die erediens. 4) Die Makkabeërdinastie slaag daarin om die Joodse politieke en religieuse soewereiniteit te herstel. 5) Deur verbonde met Rome handhaaf hulle die Joodse onafhanklikheid tot in 63 v.C., toe burgeroorlog om die troon Rome laat ingryp het. 6)

Intussen het die Makkabeërs egter self ontrou geword aan hulle oorspronklike vasberadenheid om Israel van elke Hellenistiese invloed te

---

1) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 118.
2) Durant: De Griekse wereld, p. 676. Vgl. Castle: Ancient education and today, p. 167; Levison: The Jewish background of Christianity, p. 21.
3) Durant: Op. cit., p. 678.
4) Ibid., p. 677.
5) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 670.
6) Kroeze: Handboek Bybelse geskiedenis, p. 543-544.

suiwer. Jaar na jaar neem die proses van Hellenisering toe, met die gevolg dat botsings ontstaan tussen die Makkabeërs en die Chasidim, wat later die militante vleuel van die Fariseërs sou word. [1]) Onder die Makkabeërkoning Alexander Jannaius (103 - 76 v.C.) het dit selfs op 'n sesjarige burgeroorlog uitgeloop. [2])

Toe Rome 'n einde aan die Makkabeërdinastie maak, het hy die tempel geplunder en talle Jode as slawe na Rome geneem waar hulle later vrygestel is en die bestaande Joodse gemeenskap versterk het. Plaaslike aspirante vir magsposisies, soos Herodes, hou tweedrag wakker en in 37 v.C. neem Herodes met die steun van Rome Jerusalem in, waar hy tot 4 v.C. as monarg-vasal heers. Uit sy regeringstyd dateer die ontstaan van die ekstremistiese nasionalistiese vryheidsbeweging, die Selote, wat as 'n reaksie op sy Helleniseringspogings ontstaan het. Herodes se seun Archelaus volg sy vader op, maar word in 6 n.C. op die appél van die onderdrukte Jode afgesit en deur 'n Romeinse prokurator vervang. [3]) Die Jode het 'n diepe haat teen die hele Herodes-clan gekoester. [4])

In die laaste jare van Herodes se regeringstyd is Jesus in Bethlehem gebore. [5])

Onder die prokurators het die Jode groot binnelandse vryheid geniet. Selfs die tempel is deur die Romeine beskerm en die keiseraanbidding was nie op Israel van toepassing nie. [6]) Nogtans voer die Selote ooreenkomstig hulle houding dat slegs God die Heer van Israel is, 'n langdurige guerillastryd teen die Romeinse oorheersers. In teëstelling met die Fariseërs wat God se hulp in die persoon van 'n bonatuurlike Messias verwag, meen die Selote dat die Messias sou kom wanneer die volk voldoende moed aan die dag lê om in opstand te kom.

Toe Pilatus in 26 n.c. prokurator word, het hy met onverstandige strengheid teen die Jode opgetree en is dientengevolge tien jaar later

---

1) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 671-672.
2) Beek, M.A.: De geschiedenis van Palestina in Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 403-404.
3) Ibid., p. 411.
4) Bronkhorst: De geschiedenis van Israël, p. 120.
5) Beek: Op. cit., p. 419. Verskillende bronne stel Jesus se geboortejaar op tussen 8 en 4 v.C. Vgl. Edersheim: The life and times I, p. 212; II, p. 704; Greijdanus: God geopenbaard in het vleesch, p. 190; Levison: The Jewish background, p. 41; Van der Loos, H.: De boodschap van Jezus Christus naar de evangeliën in Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur II, p. 143.
6) Bronkhorst: Op. cit., p. 123.

na Rome herroep. [1])

In sy regeringstyd het Jesus aan die kruis gesterf.

Na Pilatus se herroeping is Agrippa I, 'n kleinseun van Herodes, deur keiser Caligula as heerser oor Judea aangestel. [2]) Hy het in die openbaar streng volgens die voorskrifte van die Talmoed geleef en sy pro-Joodse politiek het van hom 'n Christenvervolger gemaak. [3]) By sy dood in 44 n.C. verenig Rome die hele Palestina tot een Romeinse provinsie en stel dit onder die regering van 'n tweede reeks Romeinse prokurators. Hulle begaan foute wat in die gespanne toestande tot opstande lei wat telkens hardhandig onderdruk word. [4]) Een van die prokurators, Felix (52 - 59 n.C.), begin 'n vernietigingsoorlog teen die Selote wat met teë-terreur en sluipmoorde antwoord. Dit is 'n tyd van spanning en onrus, die Selote se invloed by die volk neem toe en pseudo-profete en -messiasse vind 'n gretige aanhang. [5]) Die Jodedom is ryp vir opstand.

In 66 n.C. vlam die rebellie wat so lank gedreig het, op. Die Selote neem die burg Antonia stormenderhand in, dood die Romeinse besetting, beleër die Herodesburg waarin die prokurator se troepe hulle teruggetrek het en neem dit ook in. Die rebellie versprei oor die hele land en Rome stuur 'n strafleër. In Jerusalem ontstaan intussen burgeroorlog onder die verdedigers en in 70 n.C. ruk Titus van drie kante af teen die stad op. [6]) Enkele maande later gaan die tempel in Jerusalem in vlamme op. [7]) "Die lewensverlies aan Joodse kant was so hoog dat daar kwalik 'n voorstelling van gemaak kan word. Ten tyde van die beleg was daar volgens Tacitus 600,000 mense in die stad. Flavius Josephus stel die aantal gevangenes, afgesien van dié wat gekruisig en oopgesny is, op 97,000 en voeg dan daarby dat by een stadpoort alleen binne drie maande die lyke van 115,800 Jode uitgewerp is." [8])

In die burg Masada aan die westelike oewer van die Dooie See bied sowat duisend Selote nog drie jaar lank weerstand en pleeg ten slotte selfmoord liewer as om oor te gee. [9])

---

1) Bronkhorst: De geschiedenis van Israël, p. 125-126. Vgl. Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 326, asook I, p. 262.
2) Bronkhorst: Op. cit., p. 129.
3) Ibid., p. 132.
4) Ibid., p. 135.
5) Ibid., p. 137, 140.
6) Ibid., p. 140.
7) Ibid., p. 153-154.
8) Sien oor die verwoesting van Jerusalem Josefus se verhaal soos vermeld in Keller: Die klippe het dit uitgeroep, p. 375 - 385.
9) Bronkhorst: Op. cit., p. 156-157. Vgl. Josefus se beskrywing hiervan soos aangehaal in Yadin: Masada, p. 232.

Die ondergang van Jerusalem en die verwoesting van sy religieuse sentrum, die tempel, het 'n ingrypende invloed op die verdere ontwikkeling van die Jodedom gehad. Die Sadduseërs, wat in beheer van die tempel was, verloor die leiding ten gunste van die skrifgeleerdes. Daar is egter geen sprake van dat die volk hom van God se gebooie losmaak nie. Die Jodedom sluit sy geledere teen die Hellenisme en verwerp ook die Septuagint wat intussen die Christene se Bybel geword het.

Toe keiser Trajanus (98 - 117 n.C.) in 'n veldtog teen die Parthe militêre teëslae ly, was dit voldoende om nog 'n gruwelike Joodse opstand te ontketen, wat hardhandig onderdruk word nadat die Joodse bevolking in Alexandrië en in 'n groot mate ook dié in Babilonië feitlik uitgemoor is. [1])

Onder keiser Hadrianus (117 - 138 n.C.) het in Palestina weer bloedige onluste uitgebreek. Hierdie opstand van 132 n.C. onder leiding van Simon bar Kosba (Bar Kochba) het 'n sterk Messiaanse karakter gedra. Eers na drie jaar van genadelose guerilla-oorlogvoering wat die land feitlik in 'n woestyn verander het, is hierdie rebellie onderdruk. Jerusalem word vir eeue 'n heidense stad waarin geen Jood of Jodechristen sy voet mag sit nie. Die leiding van die Jodedom het daardeur hoe langer hoe meer na die Babiloniese Diaspora oorgegaan en die rol van die Palestynse Jodedom was feitlik uitgespeel. Die groot Galoeth, die tweede ballingskap wat tot in moderne tye sou voortduur, het begin.

Teen die agtergrond van die oplaaiende haat vir die heidense oorheerser, die gespanne aardse Messiasverwagting en die bloedige opstand en gewelddadige ondergang van die Joodse volk as nasionale eenheid, speel die optrede van Jesus van Nasaret en die opkoms van die Christendom af.

Om die optrede en leer van Jesus in perspektief te plaas, moet egter as agtergrond nog enkele religieuse en nasionalistiese sektes wat in sy dae toonaangewend was, kortliks geskets word.

(2) Enkele Joodse sektes van die tyd aan die begin van die Christelike jaartelling.

(a) Die Fariseërs.

Die Fariseërsekte (Perushim = afgesonderdes, dit wil sê dié wat hulle van die heidense vuilheid afgesonder het [2])) het in getalle maar sowat 4,000 beslaan [3]), maar was nogtans een van die belang-

1) Bronkhorst: De geschiedenis van Israël, p. 160.
2) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 323.
3) Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 263.

rikste Joodse sektes teen die einde van die Ou Testamentiese tydvak. Baie vooraanstaande skrifgeleerdes was lid van die Fariseërsekte, maar die Fariseërs was nie 'n onderwysende orde nie: hulle was 'n godsdienstige sekte wat manne van elke rang en beroep ingesluit het. Hulle opvoedkundige belangrikheid was toe te skryf aan die sterk steun wat hulle aan Judaïsme en aan die skrifgeleerdes se opvoedingsaktiwiteite verleen het. [1)]

Die Fariseërs het ontstaan uit die Chasidim, 'n sekte wat die Hellenisering van Israel teëgestaan het en wat die kern van die rebellie van Judas Makkabeüs gevorm het. [2)] Toe die politieke leier Jonathan Makkabeüs omstreeks 152 v.C. ook die hoëpriesterskap aanvaar, was dit vir die Vromes onaanneemlik en hulle het daarop van die Hasmoneërdinastie vervreem geraak. Voortaan het dié groep ekstremistiese godsdienstige denkbeelde gekoester en die mees gevorderde vleuel van die Fariseërs geword. [3)] Volgens oorlewering spoor die Fariseërs hulle oorsprong egter tot by Esra en die vroeë skrifgeleerdes terug. [4)]

Uit sy ontstaansgeskiedenis tree die belangrikste kenmerke van die Fariseïsme reeds aan die lig, naamlik vurige vaderlandsliefde en strenge godsdienssin wat albei as teëwig teen die Hellenisering dien. [5)] Om volk en religie teen onderdompeling in die vloed van die heidense kultuur te bewaar, gryp die Fariseërs die verbondsgedagte en dus die nakoming van die wet aan. Hulle kom met die gedagte dat die mens, om aan die verbond met God getrou te wees, nie slegs die uitdruklike bepalings van die wet moet gehoorsaam nie, maar ook die implikasies. Om laasgenoemde uit te werk, ontwikkel hulle die sogenaamde rabbiniese eksegese, 'n atomistiese skrifuitleg waarin elke woord betekenis het en dikwels heeltemal buite die historiese en ander konteks geïnterpreteer word.

Enersyds liberaliseer die Fariseërs die wet met hulle opvatting dat dit in die lig van veranderende omstandighede herinterpreteer moet word. [6)] "The Pharisees believed that men must use God-given reason in interpreting the Torah. So the teachings of the Torah were to be interpreted to harmonize with the truth resulting from man's God-given reason ... The Pharisees interpreted the Law according to its spirit and ignored its letter

---

1) Swift: Education in ancient Israel, p. 85-86.
2) Mansoor: The Dead Sea scrolls, p. 110-111. Vgl. Edersheim: The life and times II, p. 671; Bronkhorst: De geschiedenis van Israël, p. 79.
3) Edersheim: Op. cit., p. 672. Vgl. Fensham: Kultuur in die tyd van die Bybel, p. 25.
4) Mansoor: Op. cit., p. 111.
5) Castle: Ancient education and today, p. 163. Vgl. Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 259-260.
6) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 320.

when reason and human conscience were against it ... It was due to this progressive tendency of the Pharisees that their interpretation of the Torah continued to develop and remained an ever-living force in Judaism." [1])

Andersyds het die vertolking van die wet op kasuïstiek uitgeloop [2]), op die sogenaamde "omheining van die wet." Veral die vertolking van die mondelinge wet lei tot 'n ingewikkelde sisteem van verklaring wat deur die gewone mens onvragend aanvaar moet word. Daardeur word die vryheid van persoonlike beslissing hom ontsê en het die wet, wat oorspronklik 'n vreugde was, deur die vermenigvuldiging van besonderhede 'n ondraaglike las geword. [3])

Met hulle uitbreiding van die wet om alle moontlike lewensaspekte te dek, was die Fariseërs nougesette praktiese opvoeders, maar hulle het die kern van alle ware opvoeding, naamlik die vryheid van die opvoedeling om persoonlike beslissings te neem, oorboord gegooi. Deur hulle toedoen sink die godsdiens wat onder leiding van die profete sulke hoogtepunte van groei en besieling bereik het, geleidelik in steriele formalisme weg. [4])

Uit die opvatting dat die wet denkend bestudeer moet word, vloei gaandeweg die gedagte voort dat dit vir die onkundige onmoontlik is om vroom te wees. [5]) Dit lei nie alleen tot minagting vir die heiden wat die wet nie ken nie, maar ook vir die Am ha'arets, die ongeletterde volksgenoot. [6]) Die inwoners van die vrugbare landbouprovinsie, Galilea, is om dieselfde rede deur die Fariseërs geminag. Van afkoms was die Galileërs slegs half-Joods en hulle is daarvan beskuldig dat hulle hul taal verwaarloos [7]), rusiesoekerig optree en 'n milder vertolking van die wet gehad het. [8]) "I consider the question of the racial and religious origin of the Galileans one of great importance in its bearing on Christianity. The fact that eleven of the disciples of Jesus were Galileans must have some significance. The attachment of these men to Jesus while the only Judean (Judas Iscariot) betrayed Him means something, also the fact that His ministry was more successful in Galilea than in Judea ...

---

1) Mansoor: The Dead Sea scrolls, p. 114-115.
2) Kasuïstiek is die poging om mense in moeilike beslissings te hulp te kom deur hulle 'n eenvoudige formule te gee waarvolgens hulle moet handel. Vgl. Brillenburg Wurth: De Christelijke vrijheid, p. 86-87.
3) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 118.
4) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 326.
5) Edersheim: The life and times II, p. 290-291, 411.
6) Ibid., p. 162.
7) So is Petrus aan sy spraak as Galileër geëien (Matth. 26:73).
8) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 225.

It was the broader mind and the wider outlook of these people who were descendants of Arabs and Greeks, and their daily intercourse with the Gentiles in their everyday life, that made the Gospel that came from them so broad and universal ... The north seems to have bred men with a wider outlook and a more tolerant spirit, and Judea a narrow and intolerant type." 1)

Hoewel uitgesproke nasionalisties, gaan dit vir die Fariseërs nie om die behoud van die gewone volk nie, maar om dié wat God se wet liefhet en bestudeer en naleef. Hierdie strewe word gekenmerk deur onverdraagsaamheid en eksklusivisme wat die suiwerheid van die wet bo die mens stel. Vandaar die Farisese uitspraak dat daar vreugde by God is wanneer diegene wat Hom teëstaan, van die aarde verdwyn. 2) God is vir die Fariseër 'n God wat eis voor Hy gee 3) en nie almal is in staat of gewillig om aan sy eise te voldoen nie. Daarom kan ook nie alle mense in sy seën deel nie.

In aansluiting by hierdie gedagte huldig die Fariseërs die opvatting van predestinasie. Hulle erken die bestaan van die vrye wil, maar meen tewens dat baie vooraf beskik is: die siel van die regverdige gaan ná hierdie lewe in 'n ander liggaam oor en dié van die goddelose ly na hierdie lewe ewige pyn. 4) In beide hierdie opvattinge (voorafbeskikking en die onsterflikheid van die siel) toon die Fariseërs ondanks hulle anti-hellenistiese houding Griekse invloed. 5) Ook hulle rede-snobisme en die minagting van handearbeid wat nie vryetyd vir studie van die wet toelaat nie, is verwant aan die Griekse opvatting. Die skrifgeleerdes het slegs soveel aan 'n handwerk meegedoen om daarmee 'n karige bestaan te verdien sodat hulle die res van hulle tyd aan studie van die Talmoed kon wy. 6) Dit het dikwels saamgegaan met minagting vir handearbeid, soos dit uitdrukking vind in die volgende vertaling van 'n Farisese uitspraak: "The wisdom of a learned man cometh by opportunity of leisure: and he that hath little business shall become wise. How can he that holdeth the plow, and that glorieth in the goad, that driveth oxen, and is occupied in their labors, and whose talk is of bullocks? ... But he that giveth his mind to the law of the most High and is occupied in meditation thereof, will seek out the wisdom of the ancient ... He will seek out the secrets of grave sentences and be conversant in dark parables. He

---

1) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 155.
2) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 256.
3) Juncker: Die Ethik des Apostels Paulus, p. 3.
4) De Boer, P.A.H.: De godsdienst van het Jodendom <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 490.
5) Boman: Das hebräische Denken, p. 11.
6) Drazin: History of Jewish education, p. 21.

shall serve among great men, and appear before princes." [1])

Die predestinasie-opvatting van die Fariseër behels egter nie die uitsiglose noodlotsgeloof van die Griek nie, maar bereik op irrasionele wyse 'n sintese tussen die almag van God en die vryheid van die mens. Oor die algemeen is die opvatting gehuldig dat God alles voorsien en tevore vasgestel het, behalwe die gebruik wat die mens van sy sedelike vryheid sal maak. [2]) God bepaal met ander woorde die lewe van die mens en sy lewensgang mét handhawing van die menslike vryheid. [3])

Om hulle leerstellinge bekend te maak het die Fariseërs van die sinagoge gebruik gemaak. Ooreenkomstig hulle opvatting van die eenheid van die mensdom het hulle die sinagoges in die Diaspora gebruik as die uitgangspunt van 'n intensiewe veldtog om proseliete te maak. [4]) Die uitgebreide Farisese sendingaktiwiteit [5]) illustreer dat dit vir hulle meer om die wet as om die mens en selfs om die volksgenoot gegaan het.

Uit die ellende van die Joodse volk en die teleurgestelde verwagting van 'n aardse Messiasryk neem die hiernamaalsgeloof by die Fariseërs gaandeweg duideliker vorm aan. [6]) Aanvanklik was dié jenseitsgeloof, wat deurgaans as opstanding van die liggaam en nie as afsonderlike voortbestaan van die siel gesien is nie, baie materialisties, maar verdere vergeesteliking sou mettertyd volg.

Ondanks sy wettiesheid en enge formalisme wat die grootste deel van die volk van ware religieuse belewenis uitgesluit het, het die Fariseïsme groot betekenis gehad. Nie alleen het die sinagoge, 'n Farisese instelling, tot algemene en later selfs verpligte onderwys aanleiding gegee nie, maar dit het die Joodse religie suiwer bewaar, dit deur studie verfyn en deur proselitisme aan tallose heidene bekend gestel. [7]) Met sy klem op die eenheid van die mensdom het die Fariseïsme die nasionale eksklusivisme van Israel deurbreek en die weg berei vir die uitbreiding van sy religieuse denkbeelde na alle nasies. Tesame met die geloof aan die opstanding van die dode het dit op onnaspeurlike wyse daartoe bygedra om die

---

1) Swift: Education in ancient Israel, p. 82-83.
2) De Beus, C.: De uitverkiezing van Israël in de evangeliën en de brieven van Paulus <u>in</u> De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 29.
3) Loc. cit. Vgl. Mansoor: The Dead Sea scrolls, p. 115-116.
4) Von Harnack: Lehrbuch der Dogmensgeschichte, p. 105.
5) Vgl. Matth. 23:15.
6) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 158. Vgl. ook Mansoor: Op. cit., p. 116.
7) Mansoor: Op. cit., p. 117.

weg van die Christendom voor te berei.

Die Fariseërs het hierdie funksie van hulle leer egter self nie begryp nie. Na die verwoesting van die tempel in 70 n.C. is alle bande met die Christendom verbreek en het die gebed dat die Christene mag ondergaan deel van hulle voorgeskrewe daaglike gebede geword. [1])

(b) Die Sadduseërs.

Net soos die Fariseërs stam die Sadduseërs van die Chasidim van die Makkabeërtyd af. Volgens oorlewering stam hulle as Tzdukim van Zadok af, 'n priester uit die tyd van Salomo. [2]) Die naam kan ook afgelei wees van saddiqim wat regverdiges beteken. [3]) Die party se ontstaan dateer ongeveer uit 200 v.C., dus uit die tyd van die tweede tempel toe dit uit hoëpriesters en aristokratiese families bestaan het.

Teenoor die Fariseërs se liberalisme en progressivisme handhaaf die Sadduseërs 'n konserwatiewe houding in religieuse aangeleenthede. [4]) Verder was hierdie aristokratiese priester-politici wat die tempeldiens beheer het, voorstanders van die Hellenistiese party in Palestina [5]) hoewel sekere skrywers dit ontken en as bewys op hulle konserwatisme wys. [6]) Dit lyk egter asof getuienis daarop dui dat hulle met die oog op die behoud van hulle bevoorregte posisie ten gunste van die Grieks-Romeinse kultuur was. [7]) Josefus kenskets die Sadduseërs as 'n priesterlike aristokrasie met plattelandse bande, terwyl die Fariseërs hoofsaaklik uit die stedelike middelklas bestaan het. [8]) Hierdie aristokratiese party, waaraan ook welgestelde handelaars behoort het, het in teëstelling met die Fariseërs 'n streng diesseitige lewensbeskouing gehandhaaf en die moontlikheid van die opstanding van die dode ontken. [9])

Hulle was deur hulle oorheersing van die tempel en sy rites die leiers van die volk en baie van hulle was lede van die Sanhedrin, die opperste Joodse raad en tribunaal van die tydvak van die tweede tempel. Hulle invloed was dus in hoë mate politiek en ekonomies. [10]) Onder die gewone

---

1) Bronkhorst: De geschiedenis van Israel, p. 159.
2) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 163.
3) De Boer, P.A.H.: De godsdienst van het Jodendom in Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 388. Vgl. Edersheim: Life and times I, p. 323.
4) Vgl. Mansoor: The Dead Sea scrolls, p. 118.
5) Castle: Ancient education and today, p. 164.
6) Levison: Op. cit., p. 162.
7) Mansoor: Op. cit., p. 120; De Boer: Op. cit., p. 489.
8) Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 260.
9) Edersheim: Op. cit., p. 315. Vgl. ook Mark. 12:18; Matth. 22:23; Luk. 20:27.
10) Mansoor: Op. cit., p. 118.

volk het hulle minder navolging geniet as die Fariseërs wie se leer 'n politieke Messianisme asook opstanding uit die dood behels het waaraan stoflike geluk gekoppel was. [1]) Hierteenoor stel die Sadduseërs slegs die satisfaksie wat spruit uit die wete dat die mens sy plig gedoen het. [2]) Hoewel hulle ewige loon en straf nie pertinent ontken het nie, was hulle tevrede om dit in God se hand te laat en nie daaroor te spekuleer nie.

Aansluitend by hulle diesseitgeloof ontken die Sadduseërs ook die Farisese predestinasieleer en verkondig daarteenoor die mens se vryheid. Die mens se handelinge is in sy eie mag en hy is daarom verantwoordelik vir wat deur sy toedoen gebeur. [3]) Hoewel hulle opvatting van algehele menslike vryheid vir die opvoeding belangrike implikasies inhou - opvoeding is sonder vryheid immers nie moontlik nie en word juis weens die mens se vryheid noodsaaklik - het die Sadduseërs skynbaar self niks aan die opvoeding van die massas gedoen nie, maar dit in die hande van die meer demokratiese Fariseërs gelaat.

Gebonde aan die strenge nakoming van die rituele wet en die tempeldienste, het die Sadduseërsekte die verwoesting van die tempel nie oorleef nie en in 70 n.C. heeltemal verdwyn. [4]) Die religieuse leiding was daarna in die hande van die Fariseërs en die skrifgeleerdes. [5])

Jesus het min met die Sadduseërs te doen gehad want sy boodskap was aan die gewone volk gerig. Met hulle voorliefde vir aardse mag en rykdom het die Sadduseërs geen uitgesproke Messiasverwagting of begrip van 'n ewige lewe gehad nie. Daarom het Jesus se leer vir hulle geen belofte nie, maar slegs bedreiging ingehou. Ten tye van Jesus se dood het beide Kajafas en Annas aan die Sadduseërsekte behoort.

(c) <u>Die Essene</u> ("Heiliges").

Hierdie sekte het nooit baie aanhangers gehad nie. Josefus stel hulle aantal op 4,000. [6]) Hulle was 'n religieuse sekte wat in 'n kommunistiese broederskap gewoon het en het die eerste keer in die 2ᵉ eeu v.C. na vore getree toe die Saddusese priesterskap weens sy Hellenistiese neigings baie ongewild was. Op religieuse gebied het hulle nader aan die Fariseërs gestaan, maar hulle het 'n monastiese, asketiese leefwyse gevoer waarin stipte seremoniële reinheid, die rituele doop en

1) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 163.
2) Loc. cit.
3) Ibid., p. 164. Vgl. Mansoor: The Dead Sea scrolls, p. 120; De Boer, P.A.H.: De godsdienst van het Jodendom <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 490.
4) Kellett: A short history of religions, p. 84.
5) Mansoor: Op. cit., p. 121. 6) Edersheim: Life & times I, p. 324.

gemeenskaplike maaltye 'n belangrike plek ingeneem het. [1]) Hulle het geen privaatbesit erken nie en die hoogste orde het huweliksaskese toegepas. [2])

Wanneer hulle die tempel besoek, het hulle nie aan die offerritueel deelgeneem nie want hulle het hulleself as die enigste ware Israel beskou. [3]) Hulle het die Sabbat in hoë eer gehou en geen eed gesweer nie. Net soos Zarathustra erken hulle 'n goed-kwaad dualisme wat in die stryd tussen die lig en die duisternis tot uiting kom, en hulle het ook 'n ingewikkelde stelsel van engele en demone, asook 'n leerstelling van onsterflikheid. Aangesien hulle, net soos die Grieke, materie as boos beskou, verag hulle ook die liggaam en leer dus dat die siel se verlossing in bevryding van die liggaam bestaan. Hulle verwerp dus die leerstelling van die opstanding van die liggaam. [4])

Die Essene sonder hulle van die res van die volk af en voer 'n kloosterbestaan in die wildernis van Judea, hoewel in elke dorp lede van die sekte woon. Hoewel streng Joods is hulle separatiste wat buite die gemeenskap staan en hulle heilige geskrifte geheim hou. Hierdie afsondering is moontlik terug te voer tot die vervolging wat die Fariseërs ná hulle opstand teen Alexander Jannaeus, die Joodse priesterkoning, moes verduur. "Jannai's wraak was onmenselijk. Terwijl hij zelf op het terras van zijn hooggelegen burg met zijn vriendinnen een feestmaal aanrichtte, liet hij 800 gevangenen voor zijn ogen kruisigen en terwijl zij daar aan het kruis stierven, werden hun vrouwen en kinderen aan hun voeten afgemaakt. Uit schrik vluchtten 8000 van zijn tegenstanders het land uit." [5]) Daar is goeie rede om aan te neem dat die opstandsleiers wat na die woestyn gevlug het, die begin was van die Esseense sekte wat by Qumran aan die noord-westelike oewer van die Dooie See gewoon het. [6])

Uit die Qumranrolle wat in 1947 gevind is, is dit duidelik dat hierdie gemeenskap, wat uit sowat 200 lede bestaan het, 'n belangrike groep van die Essene moes gewees het. Hulle leerstellinge stem presies ooreen met wat van die Essene in die algemeen bekend is, en met hulle opvatting van geheime kennis wat slegs aan 'n uitverkore groep bekend is, toon hulle verwantskap met die Gnostici. [7]) Hulle huldig 'n strenge

---

1) Kellett: A short history of religions, p. 83.
2) Mansoor: The Dead Sea scrolls, p. 125-126.
3) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 169.
4) Mansoor: Op. cit., p. 129-130; Edersheim: Life and times I, p. 329.
5) Bronkhorst: De geschiedenis van Israël, p. 85.
6) Mansoor: Op. cit., p. 20, 48, 126.
7) Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 265.

predestinasiegeloof waarvolgens sommige mense, die Kinders van die Lig, gered sal word terwyl al die ander verlore gaan. [1]) Die mens se werke het dus geen betekenis nie. [2])

Sekere aspekte van die Qumran-Essene se leerstellinge en veral hulle opvatting van die "Leermeester van Geregtigheid" is met Jesus se leer in verband gebring. Daar is egter grondliggende verskille soos Qumran se leer van haat vir die vyande, sy beheptheid met die rituele en sy eksklusiviteit wat redding vir homself wil bewaar. [3]) Verder kan ook nog die sekte se asketiese leefwyse en strenge legalisme genoem word. [4])

Daar is ook gepoog om 'n verband tussen die Qumransekte en Johannes die Doper aan te toon. [5]) Ongeveer in 27 n.C. het Johannes in die wildernis van Judea, omtrent 10 - 12 myl van die Qumranklooster, gewoon. Sy Nasireërleefwyse sou ook ooreenkoms met dié van Qumran vertoon. Weer is daar egter basiese verskille soos die vryheid van Johannes se dissipels, die feit dat hy bekeerlinge maar éénmaal doop en veral sy wending tot die gewone mens. [6]) Anders as die Essene verkondig Johannes verder dat God sy wraak sonder die Essene se militêre hulp sal uitoefen en dat God se seëninge vir die hele volk sal wees. [7])

Gedurende die oorlog teen Rome (66 - 70 n.C.) is die Qumrangemeenskap vernietig. Dit is moontlik dat die oorblyfsel van die sekte by die Joodse Christene aangesluit het wat in hierdie tyd Jerusalem verlaat en anderkant die Jordaan gaan woon het. [8]) Dit is egter minstens net so moontlik dat die oorblywendes hulle lot by die Selote ingegooi het. Die ontdekking van 'n Qumran-perkamentrol in die puin van die Selote se bergvesting Masada dui daarop dat die Essene aan hierdie verbitterde verset teen die Romeinse oorwinnaar deelgeneem het. [9]) Josefus noem trouens "Johannes, die Esseen" as die bevelvoerder van die belangrike sentrale sektor tydens die opstand van 66 n.C., wat daarop dui dat die Essene 'n belangrike aandeel aan die stryd gehad het. [10])

---

1) Mansoor: The Dead Sea scrolls, p. 106-107.
2) Op. cit., p. 129.
3) Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 267. Vgl. Fensham: Kultuur in die tyd van die Bybel, p. 25-26.
4) Mansoor: Op. cit., p. 156-157.
5) Bronkhorst: De geschiedenis van Israël, p. 82.
6) Mansoor: Op. cit., p. 154-155.
7) Grant: Op. cit., p. 312.
8) Mansoor: Op. cit., p. 147.
9) Yadin: Masada, p. 174.
10) Loc. cit.

(d) <u>Die Selote</u>.

Van die talle Joodse sektes wat die lewe in Palestina aan die begin van die Christelike jaartelling so 'n bonte kaleidoskoop en so 'n siedende kookpot gemaak het, sal hier nog net die Selote bespreek word. Hierdie militante nasionalistiese beweging wat in die tyd van Herodes se onderdrukking in Galilea ontstaan het, was in feite 'n herlewing van die Makkabeërbeweging, maar met die klem nou meer op die nasionale as op die religieuse aspek. Hierdie fanatieke patriotte het hulle beywer vir die letterlike en partikularistiese vervulling van die godsdienstige wette en het veral tussen 37 v.C. en 70 n.C. aktief teen Rome opgetree. [1])

In die verwarring ná Herodes se dood oorrompel hulle die hele Galilea. Die rebellie word onderdruk maar opstand bly smeul. In 6 n.C. kom dit weer tot 'n uitbarsting, wat eweneens deur Rome onderdruk word. Josefus beskryf hulle onblusbare nasionalisme as die oorsaak van die oorlog teen Rome waarin Jerusalem sestig jaar later verwoes is. [2])

Die aggressiewe optrede van die Selote is 'n reaksie teen die Helleniseringsproses wat onder Herodes begin het. "The Zealots considered it an act of disloyalty to God to acknowledge Roman domination over Judea. The right of the Quanna'eem to assassinate any Roman who dared enter the consecrated parts of the Temple was officially recognized in a statute inscribed upon the Temple wall ... Zealots refused to pay taxes, and harassed the Roman administration with every means at their disposal." [3])

'n Onderafdeling van die Selote wat in die laaste twintig jaar voor die verwoesting van die tempel aktief was, was die Sicarii of sluipmoordenaars wat kort dolke (sicae) onder hulle klere versteek en in die gedrang van openbare byeenkomste ondersteuners van Rome vermoor het [4]), soos byvoorbeeld die geval was met die hoëpriester Jonathan. [5]) Hierdie fanatieke skoktroepe van die Selote het ook die bedoeling gehad om die apostel Paulus om die lewe te bring. [6]) Dit word aanvaar dat Barábbas wat in Jesus se plek deur Pilatus vrygestel is, waarskynlik 'n lid van die Selote was. [7]) Die Selote en die Sicarii het nie gehuiwer om selfs hulle

---

1) Mansoor: The Dead Sea scrolls, p. 121, 202.
2) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 171-172. Vgl. De Boer, P.A.H.: De godsdienst van het Jodendom <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke kultuur I, p. 499.
3) Mansoor: Op. cit., p. 122.
4) Ibid., p. 123-124. Vgl. Handelinge 21:38.
5) Beek, M.A.: De geschiedenis van Palestina <u>in</u> Waszink: Op. cit., p. 425.
6) Hand. 23:12-15.
7) Mark. 15:7.

eie volk te terroriseer ten einde hulle doelwitte te bereik nie. 1)

In die opstand teen Rome in 66 n.C. het die Selote weer 'n belangrike rol gespeel en in Jerusalem 'n bloedbad aangerig om te verhinder dat met die Romeine vrede gesluit word. 2) Ná die val van Jerusalem het sommige Sicarii en Selote na die vesting Masada aan die Dooie See gevlug waar hulle drie jaar later selfmoord gepleeg het eerder as om die Romeine as hulle heersers te erken. 3) In hulle selfmoord bereik die nasionale trots en religieuse trou van Israel sy hoogtepunt.

Op religieuse en politieke gebied - die twee was in Israel nooit te skei nie - was voorgaande die toonaangewende bewegings en gedagtestrominge in die tyd van Jesus: die Fariseërs, van wie sommige reeds die konsep van 'n ewige lewe begin koester het maar wat met hulle kasuïstiek die wet vir die gewone mens ondraaglik gemaak het; die Sadduseërs, ryk en magtig, vir wie aardse welvaart voldoende was; die Essene, asketies en separatisties wat die ewige geluk jaloers vir hulleself wou bewaar en verlossing van die siel uit die bande van die liggaam bestreef het, en die fanatieke Selote wat die Messiasryk hier en nou met wapengeweld wou afdwing. Al vier het met die verwoesting van die tempel geheel of grootliks verdwyn, maar aan die begin van die Christelike jaartelling het hulle opeisende en besielende krag gehad.

Teen die agtergrond van hierdie tyd van afguns, wreedheid en geweld verkondig die timmermanseun van Nasaret sy boodskap van geweldloosheid en liefde.

Die hoofpunte hiervan sal vervolgens kortliks aangedui word deur Hom te beskou in enkele eksistensiële ontmoetingsituasies. Eers sal sy verband met Israel egter kortliks belig moet word.

(3) <u>Jesus en Israel</u>.

Die Jood is ondenkbaar in afsondering. Hy is individu, maar altyd as lid van die verbondsvolk. Hy staan altyd voor die Verbondsgod. As kind van sy volk verskyn ook Jesus steeds in gemeenskap. Hy is altyd in dialoog met ander, en daaruit skyn, omdat Hy God self is, op die kenbaarste wyse die beeld van God waarin die mens gemaak is.

Jesus se leer kan nie verstaan word sonder om dit vanuit sy voedings-

---

1) Mansoor: The Dead Sea scrolls, p. 122-123.
2) Beek, M.A.: De geschiedenis van Palestina <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 426; Bronkhorst: De geschiedenis van Israël, p.148.
3) Bronkhorst: Op. cit., p. 156-157. Vgl. Yadin: Masada, p. 232.

bodem, die godsdiens van Israel, te benader nie. [1]) Dit beteken natuurlik nie dat sy leer sonder meer met die Judaïsme saamval nie, maar dit sluit nou daarby aan. Die Nuwe Testament is 'n oorwegend Joodse boek en Jesus se doel is nie om Judaïsme tot 'n val te bring nie maar om dit tot vervulling te bring. [2]) "Het Christendom staat, historisch en geestelijk, op de schouders van het Jodendom. Jezus Christus was, evenals Paulus en bijna alle schrijvers van het Nieuwe Testament, een Israëliet. Hij leefde uit de schriften van het Oude Testament, die voor Hem het Woord Gods waren, evengoed als voor zijn discipelen. In zijn leven heeft Hij de kracht voor zijn werk geput uit de heilige boeken van Israël; wanneer de duivelse verzoekingen tot Hem komen, verjaagt Hij de verzoeker met woorden uit de Tora (Dt. 8:3; 6:16; 6:13; 10:20). Als Hij sterven gaat, bidt Hij Psalm 22. Met de joodse leiders van zijn dagen strijdt Hij over de zin van het Oude Testament, waarvan beiden, Hij en zijn geestelijke tegenstanders, uitgingen; Hij wil geen tittel of jota van de wet laten vallen ... Hij wil slechts de wet in haar volheid tot openbaring brengen (Matth. 5:17), en in haar volle betekenis, in haar diepste ernst tonen." [3]) Jesus toon egter 'n geestelike selfstandigheid teenoor die letter van die wet wat groot ooreenkoms met die Farisese opvattinge aan die dag lê. [4])

Sonder die Ou Testament, wat gedurig veronderstel word, is Jesus se leer onverstaanbaar: die evangelie is ingebed in die geloof van Israel. Weliswaar rig Hy Hom teen die toenmalige teologies-steriele leiding van die priesters, skrifgeleerdes en Fariseërs, teen die Joodse gods<u>diens</u> en die kultiese, op die letter van die wet gerigte vroomheid, maar Hy rig Hom nooit teen die Jodedom as sodanig nie. [5]) Die leer van Christus was nie 'n <u>breuk</u> met die Ou Testament nie maar die logiese <u>voltooiing</u> van Judaïsme as 'n progressiewe openbaring van God. [6])

Dit sou onverdedigbaar wees om die Ou Testament slegs as voorspelling te sien wat sy waarde sou verloor met die vervulling deur die Nuwe Testament. Die Griekse woord vir vervulling, naamlik <u>plèroun</u>, beteken eintlik voltooiing, en sonder die behoud van die voorgaande is voltooiing nie moontlik nie. Die Christen kan die Ou Testament nooit prysgee sonder om

---

1) Swift: Education in ancient Israel, p. 4.
2) Filson: The New Testament against its environment, p. 12. Vgl. Schippers, R.: Cultus en ethos in het Nieuwe Testament <u>in</u> Grosheide: Arcana revelata, p. 108; Güdemann: Das vorchristliche Judenthum, p. 8.
3) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 11.
4) Ibid., p. 13.
5) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 103. Vgl. Matth. 5:17.
6) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 57.

self onherstelbare geestelike skade te ly nie, want dit sou op 'n reduksie van sy religieuse geloof neerkom. [1]

Van die God van albei Testamente word gesê dat Hy die <u>lewende</u> God is. Sy betrekking tot Israel was in die Ou Testament groeiend en dinamies [2] en loop in die Nuwe Testament uit op iets wesenlik nuuts wat nietemin organies met die oue verbonde is. [3] Waar God in die Ou Testament deur sy seun Israel gehandel het, is dit nog Hy wat in die Nuwe Testament handel, maar nou deur sy seun Jesus. [4]

Namate die Deuteronomistiese geloof in beloning in hierdie wêreld verval, tree die jenseitsverwagtinge duideliker na vore, word die tyd ryp vir die deurbreek tot 'n hoër religieuse dimensie: die uitgesproke geloof in die opstanding en 'n ewige lewe. Die boek Job het reeds voorbereidingswerk daarvoor gedoen, en die boek Daniël is die triomfantelike uitdrukking van die opstandingsgeloof. [5] Materiële en politieke omstandighede in die laaste eeu v.C. het die weg vir die nuwe opvattings voorberei. Die wêreld was duidelik nie geskik vir die regverdiges nie en hulle het derhalwe na 'n ander en geestelike wêreld begin uitsien, na 'n ewige stad. Terselfdertyd word nie Israel as geheel die ontvanger van God se seën tot uitsluiting van die ander volkere nie, maar die regverdiges van alle nasies. [6] Daarmee is die Evangelie 'n apokaliptiese boodskap op die fondament van die Ou Testament en nogtans iets nuuts: die skepping van 'n universele religie op die grondslag van die Ou Testamentiese. [7]

Jesus bring dus geen nuwe leer nie en onttrek Hom nie aan die religieuse en politieke gemeenskap van sy volk nie, maar terselfdertyd kom Hy met die gedagte van 'n jenseits-Godsryk noudat die tyd ryp geword het dat die mensdom gevoelig sou word vir die ontwikkeling van die verwagting wat nog altyd in die Ou Testamentiese geloof aanwesig was. Sy leer sluit dus ten nouste by dié van Israel aan, maar het nogtans met die ewigheidsprojeksie wat dit aan aardse gebeure en handelinge gee 'n heeltemal nuwe klem.

Teen hierdie agtergrond sal Jesus se optrede in verskillende ontmoetingsituasies gesien moet word. Hiervoor sal gebruik gemaak word van die Evangelieverhale soos opgeteken deur Matthéüs, Markus, Lukas en Johan-

---

1) Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 102-103.
2) Vgl. hierdie studie, p. 223-226.
3) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 10.
4) Loc. cit.
5) Kellett: A short history of religions, p. 76-77.
6) Ibid., p. 79.
7) Von Harnack: Lehrbuch der Dogmengeschichte, p. 48.

nes, sonder om aandag te gee aan die verskillende benadering van die skrywers. 1) Slegs die eenvoudigste sistematisering van die verskillende ontmoetingsituasies sal hierby onderneem word want "die Predigt Jesu war in der Hauptsache so schlicht und einfach und in der Anwendung so mannigfaltig und reich, dass man nur mit Widerstreben eine Sistematisirung versucht und am liebsten dem Evangelium nacherzählen möchte." 2)

B. Jesus in enkele ontmoetingsituasies.

(1) Ontmoeting met die liggaam en materie.

Jesus bou voort op die Joodse siening van die liggaam en materie as Godgeskape en dus in wese goed wanneer dit ooreenkomstig God se plan gebruik word. Die liggaam is die "tempel van God" en kan dus nie, soos Plato meen, 'n hindernis vir die geestelike lewe wees nie. Daarom het die geloof in 'n ewige lewe vir Jesus die opstanding van die liggaam behels 3) en het die begrip "Koninkryk van God" nie slegs geestelike betekenis nie, maar kom dit ook op praktiese en tydelike gebied tot uiting: dit gaan reeds hier en nou in vervulling. 4) Die mens is in sy liggaamlik-geestelike bestaan God se hoogste skepping en moet dus ook tot die hoogste goed in staat wees, want hy is immers die hoogste en heerlikste "natuuropenbaring" van God. 5)

"The body was his creation even as was the soul. The body was to be controlled but it was not to be despised. Hence Christ can come in the flesh (John 1.14; Heb. 5.7) without sin. Hence his followers are to be pure in physical life." 6) Dit is slegs danksy die opvatting van die eenheid van liggaam en siel dat Jesus as Seun van God die beeld van 'n mens kon aanneem, 'n opvatting wat vir die Griek met sy uitgangspunt van die boosheid van die liggaam en materie lasterlik moes geklink het. In die persoon van Jesus het die menslike liggaam sy oorspronklike sondeloosheid teruggekry. Daarby het die opvatting dat die mens beeld van God is nie slegs op geestelike hoedanighede betrekking nie, maar ook op die liggaam. 7) Niks in die mens is van God se beeld uitgesluit nie: die menslike is die eindige, kreatuurlike afdruk van die goddelike 8) en dit sluit die hele

1) Edersheim: The life and times I, p. 54; II, p. 128.
2) Von Harnack: Lehrbuch der Dogmengeschichte, p. 70.
3) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 352.
4) Ibid., p. 358. Vgl. Filson: The New Testament against its environment, p. 34-35.
5) Stoker, H.G.: Die betekenis van "Die mens as beeld van God" vir die wysgerige antropologie <u>in</u> Oberholzer: Homo viator, p. 30.
6) Filson: Op. cit., p. 91.
7) Stoker: Op. cit., p. 33.
8) Wijngaarden: Hoofdproblemen der volwassenheid, p. 28.

mens, dus ook sy liggaam in, hoewel die natuurlike harmonie van die mens se samestelling deur die sondeval versteur is. Die sondeval het egter nie die liggaam getref en die siel onaangeraak gelaat nie, maar die mens in sy geheel. [1]

Ooreenkomstig die siening van die liggaam en materie as Godgeskape, bevat Jesus se leer geen asketiese voorskrifte nie. Hy erken die noue verband tussen siel en liggaam wat van die Joodse mensbeskouing kenmerkend is. Herhaaldelik genees Hy siekes, dikwels deur liggaamlike aanraking van die lydendes, selfs in die geval van melaatses. [2]

Jesus erken uitdruklik die noodsaaklikheid van die versorging van die liggaam. Sy dissipels vas nie [3] en selfs die hare van die mens se hoof is deur God getel. [4] Op die Sabbat vryf sy dissipels op pad tussen die koringlande deur are uit om die korrels te eet [5] en Hy voed deur 'n wonderwerk die skare wat Hom volg. [6]

Vreugde in die liggaam en die stoflike wêreld is vir Hom nie verwerplik nie, want materie moet ook die mens se geluk dien, en so verander Hy op die bruilof in Kana water in wyn. [7] Van sy eie leefwyse sê Hy: "Die Seun van die mens het gekom - Hy eet en drink, en hulle sê: Dáár is 'n mens wat 'n vraat en 'n wynsuiper is, 'n vriend van tollenaars en sondaars." [8]

Hoewel askese nie tot sy leer behoort nie, wys Hy egter pertinent op die relatiewe onbelangrikheid van materiële versorging: "Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie." [9] Hy waarsku voorts teen die mag wat materiële besit oor die mens kan kry: "En Hy het aan sy dissipels gesê: Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe, wat julle sal eet, of oor jul liggaam, wat julle sal aantrek nie. Die lewe is meer as die voedsel en die liggaam as die klere." [10]

Hierdie siening van die wêreld en die materie kom nie op 'n miskenning van sy waarde neer nie, maar op 'n relativering daarvan ten opsigte

1) Wijngaarden: Hoofdproblemen der volwassenheid, p. 32-33.
2) Matth. 4:23-24; 8:2; 8:14; 9:35.
3) Matth. 9:14; Mark. 2:18-19.
4) Matth. 10:30.
5) Matth. 12:1.
6) Matth. 14:14-21; 15:32-39.
7) Joh. 2:1-10.
8) Matth. 11:19.
9) Matth. 8:20.
10) Luk. 12:22-23.

van die mens se ware bestaan. Jesus sien die mens nie as 'n siel-liggaam dualisme nie, maar as 'n kind van God wat hoër waarde het as die verganklike dinge van die wêreld. Die mens kan in sy genieting van die aardse vreugde sy hoër roeping vergeet: hy kan die uitnodiging na die feesmaal afwys omdat hy grond of osse gekoop of 'n vrou getrou het [1]) en daarom kan dit in sommige gevalle nodig wees om van sy besittings af te sien [2]) sodat sy hart "nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie." [3]) Jesus beklemtoon dit dat die mens méér is as sy stoflike liggaam, want hoewel die liggaam sterflik is, is die mens onsterflik. Daarom moet God meer gevrees word as aardse maghebbers. [4]) Waar die liggaam die oorsaak kan wees dat die siel benadeel word, sou dit selfs verkieslik wees dat die liggaam vermink word as dat die siel skade ly. [5]) Die menslike liggaam en sy begeertes is van verbygaande aard en mag dus nie toegelaat word om die siel te misvorm nie. Hier wyk Jesus in sekere sin van die tradisionele Joodse opvatting af vir wie die mens liggaam en siel is, 'n _nefesj_ wat nie geskei kan word nie.

Jesus verstrek geen besonderhede oor die komende wêreld nie en is selfs in die onderrig van sy dissipels daaroor terughoudend [6]), maar Hy laat blyk dat die opgestane liggaam heeltemal van die sterflike liggaam sal verskil. [7]) Die klem wat Jesus op die jenseits lê, is die belangrikste verskil tussen sy leer en die destyds gangbare geloof in Israel. Dat dit nie 'n heeltemal nuwe religieuse konsep was nie, maar reeds deur sekere denkers en deur die tydsomstandighede, nie slegs in Palestina nie, maar ook in die Hellenistiese wêreld, voorberei was, is reeds aangetoon. Die bestaande tentatiewe jenseitsverwagting word by Jesus egter 'n beslissende aspek van sy leer.

Enersyds toon Hy dus die noodsaaklikheid dat die mens nie deur sy tydelike belange geheel in beslag geneem moet word nie, andersyds word die aanspraak van die tydelike erken. Siel en liggaam vorm 'n eenheid maar is nie identies nie: in die toestand van liggaamlike verswakking as gevolg van sy vastyd in die woestyn word Hy deur die duiwel versoek, maar sy geestelike krag blyk dan des te duideliker. [8]) Nietemin het

---

1) Luk. 14:16-20.
2) Luk. 14:33.
3) Luk. 21:34. Vgl. ook Luk. 12:33; 18:22.
4) Matth. 10:28; Luk. 12:4-5.
5) Matth. 18:8-9.
6) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 278.
7) Mark. 12:25.
8) Matth. 4:1-11.

die liggaam sy regte en in die stoflike behoeftes van die minderbevoorregte moet voorsien word asof dit aan Hom gedoen word. [1]

Die Joodse gedagte van die eenheid van die skepping spreek ook uit die geskiedenis van Jesus: 'n ster het die wyse manne uit die Ooste na sy geboorteplek gelei [2], op sy bevel word die storm stil [3]; as mense swyg, sou die klippe dit uitroep dat Hy die koning is [4] en wanneer Hy aan die kruis sterf, oordek duisternis die aarde, die tempel se voorhangsel skeur en die aarde bewe. [5] Ook sy wederkoms sal voorafgegaan word deur tekens aan die hemelliggame en deur natuurrampe. [6]

In die wêreld is die mens vir Jesus 'n eenheid wat nie in liggaam en siel geskei kan word nie. Daar is soms 'n opposisionele eenheid tussen die twee: die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak. [7] Vlees is egter nie sinoniem met die liggaam nie, want bose gedagtes kom uit die hart [8], waaronder die diepste kern van die mens, siel sowel as liggaam, verstaan word. Wat die aardse bestaan betref, is siel en liggaam 'n eenheid: die angs van sy siel in Getsémané laat sy sweet soos bloeddruppels op die grond val. [9] Hy onttrek nie sy dissipels aan die wêreld nie, maar stuur hulle inteendeel juis in die wêreld in. [10]

✓ Samevattend kan gestel word dat Jesus geen siel-liggaam dualisme ken soos die Grieke nie en dat Hy die liggaam trouens so hoog eer dat Hy dit die tempel van God noem. Nie alleen word Hy self as mens gebore nie, maar Hy neem na sy opstanding weer 'n liggaam aan. [11] Hy wys egter deurgaans daarop dat die versorging in aardse behoeftes ondergeskik is aan die soeke na die koninkryk van God. [12] In sy leer vind die mens se hele bestaan 'n plek en word die betekenis van materie en liggaam erken, maar dit word in diens van die ewige Godsryk gestel. Daardeur word dit geheilig tot genadetekens, dit kry ewigheidsprojeksie, dit word 'n heenwysing na die ewige. "Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle

---

1) Matth. 25:31-40.
2) Matth. 2:9.
3) Matth. 8:26.
4) Luk. 19:40.
5) Matth. 27:45-52.
6) Mark. 13:24-25; Luk. 21:25-26.
7) Matth. 26:41.
8) Mark. 7:21.
9) Luk. 22:44.
10) Joh. 17:15.
11) Luk. 24:39-43.
12) Luk. 12:22-34.

gegee word; doen dit tot my gedagtenis." [1]) In die geringste en nederigste daaglikse bedrywighede moet die mens sy Verlosser onthou: die materie is self 'n heenwysing na God wat dit geskep het en in sy plan gebruik. Die eschatologie wat Jesus beloof, is nie die eindige, aardse gelukstaat wat Israel verwag het nie en dit is ook nie 'n versaking van die wêreld nie: dit sien die aardse bestaan as deel van die ewige. Die Koninkryk bestaan reeds nou en heilig dus ook die liggaam en die materie. [2])

Jesus se dood en opstanding, dit wil sê sy verskyning in die liggaam het 'n wesenlike deel van die heilsverkondiging geword. In die sekerheid dat Hy nie in die dode gebly het nie, het die dissipels hulle rotsvaste vertroue in Hom bewaar. Sy opstanding word die kern van hulle verkondiging: dit is die waarborg van die wederopstanding van alle gelowiges, en wel hulle werklike, persoonlike opstanding. Sy verskyning in die liggaam het verhinder dat hulle aan blote onsterflikheid van die siel sou dink. [3])

(2) Die medemens.

(a) Die gemeenskap.

Opgevoed in die Joodse verbondsgeloof, handel Jesus uit die diepe oortuiging dat Israel God se uitverkore volk is. By die sending van die twaalf apostels verbied Hy hulle aanvanklik om na die heidene of die Samaritane te gaan. [4]) Hy beperk sy werksaamhede tot God se uitverkore volk: die Messias is aan Israel beloof. Die evangelies - wat tussen 60 en 90 n.C. te boek gestel is, dit wil sê in 'n tydperk wat deur intense sendingarbeid onder die heidene gekenmerk is [5]) - vermeld geen aktiwiteit van Jesus buite die grense van die Joodse gebied nie met uitsondering van 'n kort verblyf in die Phoenicisiese stede Tirus en Sidon. [6]) Nogtans benadruk Hy dit dikwels dat ook die heidene in die seëninge van die Koninkryk sal deel. [7]) Hiermee deurbreek Hy die opvatting van 'n eksklusivistiese uitverkiesing van Israel. Hierdie universele siening is nietemin prinsipieel deel van die monoteïstiese godsbeskouing en die verbondsgedagte en is deur verskeie religieuse denkers in Israel beklemtoon. Die heil wat Jesus bring, is vir die hele wêreld, maar dit word eerste aan die verbondsvolk gebied en deur bemiddeling van Israel aan die wêreld. [8]) Hierdie opvatting wat in Jesus se optrede swyend aanwesig is, kom daarop

---

1) Luk. 22:19.
2) Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 289.
3) Von Harnack: Lehrbuch der Dogmengeschichte, p. 95-96.
4) Matth. 10:5-6. Vgl. Matth. 15:24.
5) Grant: Op. cit., p. 32.
6) Mark. 7:24-31.
7) Byvoorbeeld in Matth. 8:11.
8) Mark. 7:27.

neer dat alle mense God se kinders is maar Israel is sy uitverkore volk, gepredestineer om die ander na God te bring.

Jesus se verkiesing van die twaalf dissipels is 'n parallel van God se verkiesing van Israel en sluit ook nie hulle vryheid van beslissing uit nie. Die uitverkiesing maak nie van die mens 'n werktuig nie: dit bied hom die geleentheid om medewerker te wees. Die klein gemeenskap van die dissipels word die "klein res", die verkleinde beeld van die uitverkore volk wat in sy eie verkiesdheid vír of téén Hom kan kies. Selfs Judas handel in vryheid wanneer Hy Jesus verraai, en daarom kan hy sy skuld besef. [1]) Tegelyk was sy daad egter as deel van God se heilsplan met die wêreld bestem, en moes hy Jesus verraai. Jesus het egter tot die laaste vir Judas die weg tot berou, vergewing en herstel oopgehou en ook aan hom die brood en wyn gebied. Met sy volharding in die keuse teen Jesus word Judas egter die verteenwoordiger van Israel wat sy Messias verwerp het. Die uitverkiesing deur God lê geen dwang op die mens nie. Baie is geroep, maar min uitverkies [2]): die uitverkorenes is hulle wat op die uitnodiging van die verkiesing antwoord. So lê Jesus nadruk op die mens se vryheid en daarmee saam sy verantwoordelikheid met die oog op sy uitverkiesing. [3]) Weer is dit 'n geval waar sistematisering in 'n logiese geheel onmoontlik is: dié aandeel van God en dié van die mens kan nie binne grense vasgelê word nie.

Jesus erken die uitverkore posisie van Israel en rig hom dus eerstens tot die Joodse volk maar deur Israel tot die hele wêreld.

In die kern van Jesus se gemeenskapsbeeld, net soos in dié van Israel, is God, maar Jesus laat die nadruk op 'n aspek van God val wat in die Joodse geestelike lewe van die tyd agter die dwangkarakter van die wetlike verpligtinge verstoke was, naamlik sy liefde. Die God wat liefde is, vra van die mens liefde, ál sy liefde. Deur hierdie omvattende liefde vir God en alles wat God s'n is, ontstaan die volmaakte gemeenskap, die driehoeksverhouding God-mens-medemens. [4]) Die gebod van liefde vir God is vir Jesus onafskeidelik van die gebod van liefde vir die medemens. [5]) Hierdie liefde vir alle mense eis die mens in sy totaliteit op en is nie van die medemens se gesindheid afhanklik nie. Die volgeling van Jesus moet ook sy vyande liefhê, en hy moet, soos Jesus, éérste liefhê. Die gemeenskap

1) Matth. 27:3-4.
2) Matth. 22:14.
3) De Beus, C.: De uitverkiezing van Israël in De Beus e.a.: Op het spoor, p.37.
4) Van Leeuwen, W.S.: De verkondiging van het Koninkrijk Gods in Waszink e.a.: Het oudste Christendom II, p. 202.
5) Mark. 12:30-31.

is volgens Jesus se leer dus nie soos die Joodse samelewing prinsipieel op medewerkerskap gegrond nie, maar op liefde vir die medemens. Deur die naaste soos homself lief te hê - en die gelykenis van die barmhartige Samaritaan betrek onder die begrip "naaste" ook die nie-volksgenoot [1]) - is die mens self al in die koninkryk van God. [2]) Die Koninkryk is naamlik nie 'n "ding" of 'n "plek" nie, "maar de mensen, waaraan God koninklijk handelt. Het Rijk is geen geschieden van en uit de mensen en de wereld, maar een geschieden aan de mensen en de wereld ... Jezus heeft de verwachting van het Rijk gehad op grond van het aanwezige werk Gods. Het toekomstige van het komende Rijk was gebouwd op het fondament van het aanwezige werk van de genadige God. De toekomst zou daarvan een nieuwe openbaring en ook een bevestiging zijn." [3]) Jesus rig die mens se blik op die toekoms waarin 'n wêreld opgebou moet word soos die Skepper dit bedoel het: 'n plek van welwillendheid, vrede en begrip. Dit het Hy die "koninkryk van God" genoem. [4]) Omdat die mens na God se beeld geskep is, kan hy liefhê en namate hy ander liefhet, groei die Koninkryk. Daarom kon Jesus sê: "En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle." [5]) Die Godsryk is die uitdyende liefde van mens tot mens en dit werk soos suurdeeg wat 'n vrou in drie mate meel inwerk. [6])

Omdat die liefde vir die medemens altyd aan die liefde vir God gekoppel is, ken Jesus, net soos Israel, geen eensydige mens-God verhouding nie: wie God liefhet, staan ook altyd in 'n liefdevolle verhouding tot God se ander kinders. [7]) Die liefdevolle toewending van die bekeerde enkeling tot God is naamlik altyd 'n wending <u>metterdaad</u>; dit is nie voldoende om te hoor en Here! Here! te sê nie: die mens moet ook God se wil <u>doen</u>. [8]) Deur dié liefdevolle, daadwerklike toewending moet dan reeds op aarde die volmaakte gemeenskap ontstaan waarin kwaad met goed vergeld word [9]), waarin liefdadigheid in die geheim bewys word [10]), waarin niemand 'n ander sal oordeel nie [11]) en waarin die grootste die ander se dienaar

---

1) Luk. 10:30-37.
2) Van Leeuwen, W.S.: De verkondiging van het Koninkrijk Gods <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom II, p. 203.
3) Loc. cit.
4) Hopkinson, A.S., <u>in</u> Mitchell, J. (red.): The God I want, p. 113.
5) Luk. 17:21.
6) Matth. 13:33.
7) Filson: The New Testament against its environment, p. 77.
8) Matth. 7:21.
9) Matth. 5:39-44.
10) Matth. 6:1-4.
11) Matth. 7:1.

sal wees [1] ooreenkomstig die voorbeeld van nederige diens wat Jesus gestel het deur sy dissipels se voete te was. [2] Prinsipieel gesien sal in hierdie gemeenskap dan geen mens-mens verhouding wees wat bloot humaan bepaal is nie: dit berus op liefde waarvan God se liefde die bron is.

Jesus se aanwysings vir die totstandbrenging van die ideale gemeenskap geld telkens konkrete, besondere gevalle. So moet die jongman sy goed verkoop, die opbrengs aan die armes gee en Jesus volg. [3] Die liefde-eis is radikaal en allesomvattend: selfs die vyand moet liefgehê en nie teëgestaan word nie want almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan. [4] Hierdie opvatting van geweldloosheid en liefde vir die vyand is 'n direkte teëstelling met die ekstremistiese Selotebeweging van die tyd.

Jesus erken voorts die hiërargie van menslike mag, maar toon aan dat voor God almal gelykwaardig is [5] en dat die mens sy mag en vryheid in diens van ander moet gebruik.

Die vryheid van die mens en sy reg van keuse word deur Jesus erken. Die mens kan daardeur sy eie lot bepaal: hy kan kies of hy wil help om 'n gelukkige gemeenskap tot stand te bring en of hy dit wil belemmer. Die mens is vry en kan ook die weg kies wat tot sy uiteindelike ondergang lei, maar hy kan ook 'n nuwe begin maak en deur inkeer sy weg na God vind. [6] Van die mens word totale, drastiese inset en handeling vanuit die kern van sy persoonlikheid verwag. [7] Onwankelbare geloof in God word verbind met vasberade daadkrag wat uit liefde vir God spruit. [8]

Met sy liefdegebod verbreek Jesus die band wat die Jodedom tussen religie, uiterlike kultus en nasionaliteit gelê het. Hy leer sy volgelinge dat gesindheid die hoofsaak is en dat liefdegesindheid ondenkbaar is sonder om in dienende, opofferende arbeid tot uiting te kom. [9]

Wanneer Jesus liefdevolle behandeling van die medemens beveel ongeag sy verdienstelikheid beteken dit nie dat Hy die enkeling se individualiteit daarmee prysgee nie. Die mens se reg teenoor sy medemens word uitdruklik erken en dit is trouens deur die leer van Jesus dat die individu die

---

1) Matth. 23:11; Luk. 22:26.
2) Joh. 13:1-15.
3) Matth. 19:21.
4) Matth. 26:52.
5) Matth. 20:20-28.
6) Hopkinson, A.S., in Mitchell: The God I want, p. 113.
7) Vgl. Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 110. Vgl. Matth.11:12.
8) Luk. 9:62.
9) Vgl. Von Harnack: Lehrbuch der Dogmengeschichte, p. 73.

hoogste betekenis kry: elke mens word persoonlik deur God aangespreek. [1]) Jesus wek die mens tot geloof maar dwing hom nie want Hy respekteer die mens se individualiteit en wil. [2]) Die gedagte van die onskatbare waarde van elke mensesiel, wat reeds in enkele psalms deurskemer, tree by Jesus duidelik na vore. Opgeneem in die liefde van God die Vader kom enkeling sowel as gemeenskap tot sy reg. [3]) God vra van sy kind daadwerklike liefde, selfs vir die geringste enkeling. [4]) Wat die mens aan een van die minste van sy medemense doen, het hy aan Jesus gedoen, en dit sal in die opstanding beloon word. [5])

Die mens se uniekheid word nie alleen deur Jesus toegelaat nie; dit word trouens as onontbeerlik beskou. "Die sout is goed, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit smaaklik gemaak word? Dit is nie bruikbaar vir die grond of vir die ashoop nie. Hulle gooi dit buitekant weg." [6]) Omdat die enkeling belangrik is, soek Jesus dié wat verlore is en is daar meer blydskap in die hemel oor één sondaar wat gered word as oor duisend regverdiges. [7]) In die gelykenis van die Fariseër en die sondaar [8]) waarsku Hy egter dat die waarde van die mens se uniekheid nie rede tot hoogmoed moet wees nie, maar in die besondere liefde moet lê wat hy daardeur aan God en mens bewys. Hy toon daarom ook geen voorkeur vir die bevoorregte nie. Hy raak die melaatse aan, gaan aan tafel met tollenaars en sondaars [9]) en het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering. [10])

Die enkeling se betekenis is geleë in die liefde wat hy bewys en waardeur die Koninkryk uitgebrei word, maar hy mag die boodskap van Jesus nie degradeer deur dit te bring aan mense wat dit nie waardig is nie [11]): hy moenie pêrels voor die varke gooi nie [12]) en die broer wat nie luister nie, moet vir hom soos 'n tollenaar wees. [13]) Jesus se boodskap stel die mens voor die noodsaaklikheid van 'n drastiese keuse en wek ook tweedrag [14])

1) Joh. 10:3.
2) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 627.
3) Von Harnack: Lehrbuch der Dogmengeschichte, p. 80.
4) Matth. 18:10-14.
5) Matth. 25:45.
6) Luk. 14:34-35.
7) Luk. 15:4-10.
8) Luk. 18:9-14.
9) Matth. 9:10.
10) Mark. 2:17.
11) Matth. 10:11-14.
12) Matth. 7:6.
13) Matth. 18:15-17.
14) Matth. 10:35-38.

want wie net met Hom is nie, is teen Hom [1] en sy volgelinge sal gehaat word ter wille van sy Naam. [2]

Die aardse gemeenskap is heterogeen, 'n samelewing waarin goed en kwaad vermeng bestaan. Anders as Plato wek Jesus nie die utopistiese hoop om dit te verbeter nie: die wêreld is 'n oesland waarin goeie en slegte saad gesaai is en waarin die koring en die onkruid tot op die dag van die oes deureen groei. [3] Sy leer is derhalwe nie sosiaalhervormend nie en probeer nie die aardse lot van mense verander nie: die armes sal altyd daar wees. [4] Die najaag van rykdom kan vir die mens se ware geluk noodlottig wees want mens kan nie God én Mammon dien nie. [5] Die enigste ware rykdom is deelname aan die uitbreiding van God se koninkryk, wat uit liefdebewys aan die medemens bestaan.

Dat Jesus nie sosiaalhervormend optree nie beteken nie dat die mens daadloos moet toekyk hoe die kwaad toeneem nie: aan elkeen is dit opgedra om liefdeloosheid teenoor God en medemens te bestry. Jesus gebruik selfs fisieke geweld om die veeverkopers en die geldwisselaars te verdryf wat van die tempel 'n rowerspelonk gemaak het [6], dit wil sê wat van die tempel van God 'n tempel van Mammon gemaak het. In hierdie optrede van Jesus kom 'n aspek van sy karakter na vore wat soms oor die hoof gesien word, naamlik sy onverdraagsaamheid teenoor skenders van God se heiligheid. Hy is nie die verstandsmens wat koel-afkeurend optree nie: daar is lasteringe wat onvergeeflik is en nie gedoog kan word nie. So tree Hy in woede op teen die tempelontheiliging en die Fariseërs se huigelary. [7]

Gewy aan diens van die enkeling en die gemeenskap, het Hy egter die gevaar besef van eensydige kontak met die medemens ten koste van kontak met God. Die mens leef met sy medemens in 'n verhouding wat deur liefde gekenmerk word, maar die bron van hierdie liefde is God. Vandaar dat die evangelieskrywers telkemale meld dat Jesus die eensaamheid opgesoek het om te bid en sy krag te laat herstel. [8] Die diepste beslissings van sy lewe het Hy in die eensaamheid geneem. Aan die begin van sy loopbaan word Hy in die woestyn deur Satan versoek; die laaste nag in die olyfboord

---

1) Matth. 12:30.
2) Matth. 10:22.
3) Matth. 13:24-30.
4) Matth. 26:11.
5) Matth. 6:24.
6) Joh. 2:14-16.
7) Matth. 23:23-33.
8) Joh. 6:15; Mark. 6:31.

bid Hy: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil." 1) En in die laaste oomblikke aan die kruis het Hy in duisternis en volslae verlatenheid sy taak volbring en uitgeroep: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" 2)

In sy ontmoeting met die mens as enkeling en die mens in gemeenskap het Jesus deur sy volmaakte voorbeeld die goue reël gedemonstreer: "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen." 3) Hoe naby die Fariseërs daaraan gekom het en hoe oneindig ver hulle nogtans daarvan bly staan het, blyk uit 'n vertaling van rabbi Hillel se negatief-gestelde lewensreël: "That which is hateful to thee, do not do to thy neighbour." 4)

Waar die samelewing van Israel deur gedetailleerde voorskrifte van buite gereël is, bring Jesus 'n ongekende diepte en innigheid deur al hierdie uiterlike bepalings met die innerlike gesindheid van die liefde te vervang, met die gebod om nie op ander se dade te reageer nie, maar deur in liefde die inisiatief te neem en éérste lief te hê. So word die koninkryk van God uitgebrei en kom die volmaakte samelewing tot stand.

(b) Die huwelik en die vrou.

Jesus se optrede word in die evangelies feitlik deurgaans as 'n direkte ontmoeting met besondere persone in besondere konkrete omstandighede geteken. Selde spreek Hy algemene reëls en opvattinge uit, en derhalwe moet gewoonlik uit sy optrede in konkrete gevalle afleidinge gemaak word om daardeur tot sistematisering van sy denkbeelde te kom. Dieselfde geld ook wat sy opvattinge oor die vrou en die huwelik betref. Jesus het volgens die evangelies herhaaldelik met vroue in aanraking gekom - vroue was trouens van sy getrouste volgelinge - maar Hy het Hom selde oor die posisie van die vrou en die huwelik uitgespreek.

Sy basiese opvattinge oor die vrou stem met die hoogstaande tradisionele beskouinge van Israel ooreen: " Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie." 5) Man en vrou is as 'n huwelikspaar deur God gemaak, sáám

1) Matth. 26:39.

2) Matth. 27:46.
3) Matth. 7:12.
4) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 180.
5) Matth. 19:4-6.

na sy beeld geskep, en die twee kan nie onafhanklik van mekaar bestaan sonder om sy beeld in hulle lewe te versteur nie. [1]) Die huweliksband is nog sterker as die liefdeband tussen ouer en kind: dit is die éérste band wat God tussen mens en mens gelê het.

By hierdie beskouing van die huwelik as die diepliggendste band tussen mense knoop Israel se verbondsgedagte aan, en dit is ook die agtergrond van Jesus se opvattinge oor die huwelik wat in Israel byna as 'n sakrament beskou is. [2]) Dit is dan ook teen hierdie agtergrond dat Jesus se optrede by die huweliksfees in Kana [3]) gesien moet word: dit is slegs paslik dat die eerste wonderwerk die basiese menslike verhouding sou betrek wat terselfdertyd simbool van God se verbond met die mens is en dat Hy deur sy teenwoordigheid en optrede die geluk van die huweliksfees verhoog het.

Op grond van die goddelike instelling van die huweliksband verbied Jesus dan ook egskeiding: wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie. [4]) Hiermee staan sy leer in skerp kontras met die praktyk van sy tyd waarvolgens 'n man oor 'n verskeidenheid redes van sy vrou kon skei, onder meer oor swak kookvernuf, twisgierigheid, kwaadpraat van haar skoonouers, kinderloosheid en dies meer. [5]) Die enigste grond wat Jesus vir egskeiding erken, is hoerery [6]) want daardeur is die huweliksband wat uit volslae trou bestaan, reeds vernietig. Volgens Joodse siening moet die mens uit 'n warreling van moontlikhede wat vir hom oopstaan, sekere kies om te verwerklik. Sodoende kom hy tot inkeer en vind hy rigting na God. Elke ware keuse beteken dat die mens hom by wat hy gekies het, bepaal en alle ander moontlikhede loslaat en opoffer. [7]) Ook die huwelikskeuse moet by die mens se rigtingvind na God ingeskakel wees want die mens se lewe is 'n eenheid. Daarom kan die huwelikskeuse ook nie herroep word sonder om die rigtingvind na God in gevaar te stel nie. Die enigste toelaatbare rede vir egskeiding is dus die hoerery van die huweliksvennoot wat 'n rigting direk weg van God is en wat ook die ander vennoot se rigting na God in gevaar stel, want man en vrou is één vlees. Die huwelik is die basiese menslike band, maar die band tussen God en mens is kosbaarder en grondliggender as dit.

---

1) Vgl. Matth. 5:32.
2) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 352-353.
3) Joh. 2:1-11.
4) Mark. 10:9.
5) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 333-334.
6) Matth. 19:9.
7) Wijngaarden: Hoofdproblemen der volwassenheid, p. 145.

Die grond van die troue liefde wat man en vrou in die huwelik moet verbind, is die liefde van God en die liefde vir God. Daarom bied Jesus aan die Samaritaanse vrou die water van die ewige lewe [1]); daarom kan Hy van die berouvolle sondares wat sy voete met haar trane gewas het omdat sy die Seun van God liefgehad het, sê: "Haar sondes wat baie was, is vergewe, want sy het baie liefgehad" [2]); daarom het Hy die vrou wat op 'n daad van egbreuk betrap is en volgens die Joodse wet met die dood strafbaar was, gered en aan haar gesê: "Gaan heen en sondig nie meer nie." [3])

Jesus toon die belangrikheid van die regte man-vrou verhouding aan, maar wys terselfdertyd daarop dat dit in diens van die mens-God verhouding moet bly, waarvan dit 'n afskaduwing moet wees. Daarom waarsku Hy ook dat die huwelikslewe die mens kan verhinder om na God se feesmaal te kom. [4]) Die huwelik is deel van God se plan met die mens en moet dus 'n weg wees wat na Hom lei, maar dit is tot die aardse bestaan beperk, want in die opstanding trou hulle nie en word ook nie in die huwelik uitgegee nie, maar is soos die engele van God in die hemel. [5]) Die seksualiteit is deel van God se plan, maar dit moet geheilig word want ook daarin geld die beginsel van die mens se vryheid waardeur hy kan kies om dit ook in konflik met God se plan te gebruik. Verder het die seksualiteit slegs tydelike betekenis: in die opstanding, wanneer die dood oorwin is, sal dit geen rol meer speel nie [6]); dit is 'n verbygaande aspek van die liefde wat dan sal verval.

Jesus het die vrou op natuurlike en vanselfsprekende wyse as 'n medekind van die Vader aanvaar en haar besondere behoeftes erken. So genees Hy die vrou wat aan bloedvloeiing gely het [7]), Hy spreek tot sy dissipels se verwondering die Samaritaanse vrou aan wat met 'n opeenvolging van liefdesverhoudinge vir die gemis aan die lewende water van 'n persoonlike verhouding met God probeer vergoed het [8]), Hy verdedig die optrede van die vrou wat die albaste-fles met kosbare salf in 'n liefdegebaar offer [9]), Hy oordeel nie die vrou wat owerspel gepleeg het nie [10]) en aan die kruis dra Hy sy moeder aan die sorg van die dissipel op wat Hy die liefste gehad het. [11]) Hy verstaan die vrouehart en die behoefte wat sy aan

1) Joh. 4:7-26.
2) Luk. 7:47.
3) Joh. 8:2-11.
4) Luk. 14:20.
5) Matth. 22:30; Mark. 12:25.
6) Luk. 20:34-36.
7) Matth. 9:20:22.
8) Joh. 4:27.
9) Matth. 26:6-13.
10) Joh. 8:11.
11) Joh. 19:26-27.

liefdediens het, en dit bring mee dat vroue Hom volg, saam met Hom opgaan na Jerusalem en van ver af sy dood aan die kruis aanskou. [1])

Onder invloed van die Hellenisme het die Joodse vrou in die na-eksiliese tyd nie meer die eerbare posisie beklee wat oorspronklik in die Israelitiese gemeenskap aan haar toegekom het nie. Met die eerbied waarmee Hy haar behandel, gee Jesus dit aan haar terug want sy is in waarheid die moeder van God se saad. Terselfdertyd wil Hy haar daarvoor behoed dat sy haar versorgende funksie slegs op stoflike gebied sal laat geld: Maria, wat aan sy voete sit, het 'n beter deel uitgekies as Martha wat Hom bedien en oor baie dinge besorg en verontrus is. [2]) Hierdie siening is in teëstelling met die Joodse praktyk van die tyd, wat byvoorbeeld nie aan die vrou onderrig in die wet gegun het nie. Jesus onderstreep die les dat die aardse versorging van die lewe nie die vrou se enigste taak is nie deur ná sy opstanding eerste aan Maria Magdalena te verskyn en haar te gebruik om dié boodskap aan sy dissipels oor te dra. [3]) Hy gebruik 'n vrou, draer van die natuurlike lewe, om die eerste getuie te wees van die opstanding tot die ewige lewe.

Die evangelieskrywers Matthéüs en Lukas vermeld Jesus se wonderbare geboorte; Markus en Johannes maak geen melding daarvan nie. Vanaf die begin van die Christendom was daar voor- en teëstanders van die leerstelling van die maagdelike geboorte, 'n denkbeeld wat reeds in die Joodse oorlewering bekend was. [4]) Sommige geleerdes wil Lukas 1:34-35 as 'n latere invoeging skrap, ander betoog selfs dat die verhaal van Jesus, wat opgeteken is in 'n tyd toe die neiging tot sinkretisme in die godsdiens baie sterk was, reedsbestaande geboortelegendes soos byvoorbeeld dié van die Egiptiese Osiris oorgeneem het [5]), nog ander wys daarop dat die Joodse godsdiens self bekend is met wonderbaarlike geboortes soos dié van Isak, Josef, Simson en Samuel. [6]) Paulus sowel as Johannes maak geen melding van Jesus se maagdelike geboorte nie [7]) en daar is geen getuienis in die Nuwe Testament dat die vroegste Christene dit as 'n onmisbare dogma beskou het nie. [8]) Dit staan voorts nie vas of die profesie in Jesaja 7:14 na 'n maagd of 'n jong vrou verwys nie, maar dit is moontlik dat dit

---

1) Mark. 15:40-41.
2) Luk. 10:38-42.
3) Joh. 20:11-18.
4) Van der Loos, H.: De boodschap van Jezus Christus naar de evangeliën <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom II, p. 141.
5) Ibid., p. 142.
6) Loc. cit. Vgl. Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 71.
7) Van der Loos: Op. cit., p. 143.
8) Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 304.

deur die Grieke en Romeine as eersgenoemde verstaan is. Die opvatting dat 'n held uit die gemeenskap van 'n god en 'n mensvrou gebore word, is trouens eie aan die Griekse mitologie. Dan is dit egter vreemd dat die Johannes-evangelie, wat die meeste Hellenistiese beïnvloeding toon, geen melding daarvan maak nie. Die gedagte aan 'n maagdelike geboorte is moontlik deels aan 'n verkeerde vertolking van die aard van die sondeval toe te skryf wat daarin die geslagsdaad gesien het. Dié foutiewe verbinding van sonde met seksualiteit sou dan vir die sondelose Jesus 'n maagdelike konsepsie vereis. 1) Die maagdelike geboorte van Jesus is nêrens in die Nuwe Testament van sentrale betekenis nie. 2)

In hierdie studie word geen poging aangewend om die onderskeie Evangelieverhale teen mekaar te weeg of om na spore van moontlike eksterne beïnvloeding te soek nie: die mededelinge van die kanonieke boeke van die Nuwe Testament word aanvaar soos dit staan. In die onderhawige studie is die kwessie van die maagdelike konsepsie tewens nie ter sake nie: die wyse waarop God sy Seun in 'n vrou verwek het, is hier nie betekenisvol nie. Wat wel van belang is, is dat Jesus aan die vrou haar eer as kind van God teruggegee het, terwyl Hy tewens haar besondere aard van dienende versorging van die liggaamlike lewe erken het en terselfdertyd op die gevaar gewys het dat dit tot verwaarlosing van die geestelike kan lei.

As Seun van God en dus God self was Hy geroep tot 'n besondere taak wat 'n eie, menslike huwelik uitgesluit het. Nogtans bevestig Hy op onweerlegbare wyse die eervolle posisie wat die huwelik in die menslike gemeenskap en in die godsdienstige lewe inneem, en noem Hy Homself die bruidegom 3) om daarmee die aandag te vestig op die God-mens verhouding waarvan die man-vrou verhouding in die huwelik die aardse simbool is. Ook hierin lê Hy die klem op die ewigheidsdimensie van die menslike lewe.

(c) Die kind en sy opvoeding.

'n Besondere kenmerk van die Joodse samelewing was die hoë agting wat dit vir die kind gehad het. 4) Elke mens moes help om die koms van die Messias voor te berei, en daarom was die opvoeding die belangrikste taak in Israel. Die mens is deur God met vryheid beskenk wat hy net sowel téén as vír God kan gebruik. Die opvoeding moet die mens help om uit sy natuurlike toestand van rigtingloosheid rigting te vind na God toe en sodoende aan die chaos en desintegrasie wat hom altyd bedreig te ontkom

1) Jeremias: Das Alte Testament, p. 790.
2) Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 306.
3) Mark 2:19.
4) Vgl. die ooreenstemmende afdeling in die vorige hoofstuk van hierdie studie.

en daardeur die koms van die Koninkryk te bespoedig. Die koms van die Messias was met ander woorde in 'n groot mate van die opvoeding afhanklik. Daarom het die Joodse opvoeding elke aspek van die lewe betrek, want die mens kan slegs met inset van sy volle persoonlikheid na God kom. [1])

Jesus sluit hierby aan en lê besondere klem op die betekenis van die enkeling: Hy is die goeie herder wat sy skape by hulle naam noem. [2]) Die leer van Jesus is uiteraard opvoedkundig: Hy spreek die mens in sy konkrete situasie aan en roep hom op om sy beste moontlikhede te verwerklik. Elke mens het 'n unieke weg tot God en moet dit self vind. Jesus respekteer die mens se individualiteit en erken sy vryheid om vir of teen God te kies.

Die doel van Jesus se opvoedingsaktiwiteit is die uitbreiding van die koninkryk van God. Hierdie koninkryk is egter nie die aardse utopie wat Israel verwag het nie: dit is die ryk van die liefde, en dit is binne-in die mens. [3]) Dit begin byna onmerkbaar klein, maar brei snel uit. [4]) Dit is so kosbaar soos 'n pêrel [5]) en dit betrek sommige mense, maar ander nie. [6])

Die Fariseërs het geleer dat stipte nakoming van die besonderhede van die Tora die voorvereiste vir die koms van die Koninkryk is, en stapel daarom wet op wet maar mislei met hierdie kasuïstiek net hulle volgelinge en proseliete. [7]) In hulle beheptheid met gedetailleerde voorskrifte laat hulle egter die belangrikste, die liefde en die trou, na. [8]) Daarom is hulle leer sonder gesag [9]) want by hulle ontbreek die inset wat op liefde berus. [10])

Die enigste ware leermeester is Christus self [11]) en sy leer is die leer van God wat Hom gestuur het. [12]) Die aardse opvoeder vergelyk Hy met die getroue en verstandige bestuurder wat Hy oor sy diensvolk aangestel het om hulle rantsoen op tyd te gee. [13]) Wie dus die aardse opvoeder wat in sy naam optree volg, volg Jesus, en wie hom verwerp, verwerp Jesus. [14])

1) Vgl. Drazin: History of Jewish education, p. 12.
2) Joh. 10:3.
3) Luk. 17:21.
4) Matth. 13:31-32.
5) Matth. 13:45-46.
6) Matth. 13:47-49.
7) Matth. 23:15-28.
8) Matth. 23:23.
9) Mark. 1:22.
10) Matth. 23:3.
11) Matth. 23:10.
12) Joh. 7:16.
13) Luk. 12:42.
14) Luk. 10:16.

Slegs liefde kan die mens tot hierdie sorg vir die medemens in staat stel. Daarom stel Jesus drie maal aan Petrus die vraag: "Het jy My waarlik lief?" en gee die apostel dan die opdrag om sy lammers te laat wei. 1) Opvoeding is daarmee aan liefde vir Jesus gekoppel. Dit is heenleiding tot kontak met God se liefde waardeur die mens self tot liefde in staat sal word: "Elkeen wat drink van die water wat Ek hom gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe." 2) Hierdie boodskap moet die apostels, die opvoeders, aan alle nasies uitdra. 3)

Die boodskap is so eenvoudig dat almal dit kan verstaan: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete." 4) Nogtans is nie alle mense daartoe in staat of bereid nie. In die gelykenis van die saaier val 'n deel van die saad langs die pad, 'n deel op die rotsagtige grond of in die dorings en slegs 'n deel in vrugbare grond. 5) Wanneer die mens se hart verhard is, word hy nie verstandig nie. 6) Soms is dit God self wat die hoorder van die boodskap daarvoor ontoeganklik maak. 7) Hier is weer 'n onopgeloste probleem van die uitverkiesing, want Jesus sê desondanks: "Elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word." 8) Dit is 'n probleem waarvan die oplossing nie op die vlak van die rede lê nie.

Om die mens se begrip van sy leer te hulp te kom het Jesus in sy onderrig - wat ooreenkomstig die gebruik en die noodsaak van die tyd mondeling oorgedra is - van 'n besondere metode, die uitspreek van gelykenisse, gebruik gemaak. Hierdie metode was ook by ander Joodse opvoeders gebruiklik, hoewel dit by die rabbi's veral as illustrasie gedien het van wat geleer is, terwyl dit by Jesus die basis van sy leer gevorm het. 9) "Parables are the outlined shadows - large, perhaps, and dim - as the light of heavenly things fall on well-known scenes, which correspond to, and have their higher counterpart in spiritual

1) Joh. 21:15-17.
2) Joh. 4:14.
3) Matth. 28:19.
4) Matth. 22:37-40.
5) Mark. 4:3-8.
6) Mark. 6:52.
7) Luk. 24:16.
8) Matth. 7:8.
9) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 580.

realities. For, earth and heaven are twin-parts of His works ... things in earth and heaven are kindred, and the one may become to us Parables of the other." [1]) Hierdie metode het die voordeel dat dit die waarheid nie in abstrakte, moeilik-verstaanbare terme leer nie, maar in die vorm van konkrete, bekende beelde waarvan die betekenis na die geestelike deurgetrek word. Daardeur is dit maklik om te onthou en elkeen kan, ooreenkomstig die deurdringingsvermoë van sy gees, daaruit min of baie leer. Die beeld kan maklik in die gedagte gehou word sodat die persoon dit altyd paraat het om te oordink en om dit aan ander mee te deel. Met hierdie metode wek Jesus in sy hoorders vrae want elkeen moet self die betekenis ontdek en oordink. Jesus se leer rig hom naamlik nie net tot die intellek nie, maar tot die diepste kern van die mens. [2])

Jesus se siening van die kennis van die liefde van God verskil ingrypend van die intellektualistiese kasuïstiek van die Fariseërs: God verberg hierdie dinge vir wyse en verstandige mense en openbaar dit aan kindertjies. [3]) In plaas van die redesnobisme wat die Fariseërs die gewone volk laat minag het, in plaas van die trots op eie voortreflikheid, gryp Jesus terug na die grondbeginsels van sy volk se gods- en lewensbeskouing: Hy eis van die mens deemoed, gehoorsaamheid en onvragende vertroue. "Toe roep Jesus 'n kindjie na Hom en laat hom in hulle midde staan en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie! Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele." [4]) Nie die intellek van die geleerde is die belangrikste toegangsweg na God nie, maar die stille vertroue van 'n kind. Hier staan Jesus midde in sy volk se oudste opvattinge en lynreg teenoor die wettiesheid en rede-beheptheid van die gehelleniseerde Fariseïsme. Die kind het 'n natuurlike en irrasionele vertroue wat die volwassene met sy eensydige intellektualisme maklik verloor. Daarom waarsku Jesus daarteen dat die vertroue van die kind geskok sou word. [5])

Jesus pas sy leer by die hoorder se omstandighede aan. In die tyd toe wonderwerke van 'n leermeester verwag is, het Hy sulke dade verrig, maar dit nooit as 'n reklamemiddel gebruik nie: telkens was die wonderwerk 'n Godsopenbaring en die draer van 'n sedelike les. In later tye

1) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 582.
2) Ibid., p. 479.
3) Matth. 11:25.
4) Matth. 18:2-4. Vgl. Matth. 19:13-15.
5) Edersheim: The life and times II, p. 120. Vgl. Matth. 18:6; 19:14.

is die wonderbare as leermeester deur die Heilige Gees vervang. [1])

In Jesus se leer staan die pedagogiese aspek altyd voorop: Hy beoog die herstelling van die oorspronklike driehoeksverhouding God-mens-medemens wat deur die mens in die tuin van Eden versteur is omdat hy God nie lief genoeg gehad het om Hom te gehoorsaam nie, omdat hy nie vertroue in Hom gehad het nie. Hierdie breuk kan slegs deur die liefde geheel word. Daartoe is die mens egter nie meer in staat nie: dit is die fontein van lewende water wat God in hom laat opspring en waardeur hy in staat gestel word om die goue reël van Jesus uit te leef: "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen."[2])

Vir dié doel stuur Jesus die opvoeder uit om soos 'n profeet, soos Johannes die Doper, die weg van die Here te berei [3]), om soos die saaier getrou die saad te saai sonder om te vra of die grond dit waardig is en of dit sy moeite sal loon. [4]) Om dit te kan doen, moet die opvoeder "sout in hom hê" [5]): hy moet soos 'n offerande gesout wees deur die liefde van God. Hy is van God afhanklik, maar hy is die medewerker van God, die saaier wat die saad saai al is dit 'n ander wat die oes sal inhaal. [6]) Die saad wat hy strooi is die liefde, en dié kom van God. Daarom is Christus, die inkarnasie van God se liefde, die enigste leermeester en die onderwysing is van God. Opvoeding is opvoeding tot liefde en dit geskied deur die liefde van God en vir God. En al sien die opvoeder nie self die vrug op sy arbeid nie, dra hy die saadkoring, vertrouend op Jesus se belofte: "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." [7])

(d) <u>Die held as beliggaming van die waardevolle</u>.

Israel ken geen heldeverering in die Griekse sin van die woord nie. Vir hom staan God sentraal, nie die mens nie. Hierdie dinamiese God kan nie in 'n statiese beeld gevat word nie, ook nie in die beeld van 'n menslike held nie. Vir die Jood is dit nie van belang watter vlak van sedelikheid 'n mens bereik het nie: wat wel die grootste betekenis het, is sy dinamiese saamlewe met God. Ook die opvatting van die uniekheid van elke mens het verhinder dat heldeverering in Israel kon posvat: elke mens doen voorbereidingswerk vir die koms van die Messias wat net hy kan

1) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 380.
2) Matth. 7:12.
3) Mark. 1:3.
4) Vgl. Luk. 8:5-8.
5) Mark. 9:50.
6) Vgl. Joh. 4:37.
7) Matth. 28:20.

doen en wat hy slegs op sy besondere manier kan doen.

Ook vir Jesus geld hierdie beginsels. Daarom verkondig Hy net die Vader en nooit Homself nie. 1) Die Vader roep elkeen na Hom toe langs sy eie weg. Die naaste wat Jesus aan 'n voorskrif tot navolging kom, is miskien Matthéüs 10:24-25: "'n Leerling is nie bo die meester nie en 'n dienskneg nie bo sy heer nie. Dit is vir die leerling genoeg dat hy soos sy meester word en die dienskneg soos sy heer", wat saam met Matthéüs 5:48 gelees kan word: "Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is."

Die enkele kere wanneer Jesus 'n spesifieke daad of gesindheid aanprys, raak dit persone wat nie deur die geestelike leiers van sy tyd hoog geag sou gewees het nie. So moet elkeen wat die koninkryk van God wil ontvang, soos 'n kindjie word 2), en waar die evangelie verkondig sal word in die hele wêreld sal ook gespreek word van die sondares wat sy voete gewas en gesalf het. 3) Wat by Jesus deurslaggewend is, is nie die heldhaftige daad of die intellektuele krag van 'n persoon nie, maar sy gesindheid van liefde en onvragende vertroue, sy verlange om ná aan die Vader te lewe. 4)

In so 'n opvatting is geen plek vir die navolging van die heldhaftige nie. Die volgeling van Jesus ken nie die perkelose ambisie en heerssug, die heldeverering van die Griek en die gehelleniseerde Makkabeër nie: hy skuil in nederigheid by die Vader. Hy is die luisterende kind wat wag op die stem van God.

(3) Die geskiedenis.

Met sy sikliese opvatting het die Griek geen uiteindelike, allesvoltooiende gebeurtenis aan die einde van die geskiedenis geplaas nie. Daardeur was die gebeure in die wêreld vir hom in sy wese sinloos. Daarteenoor stel Israel sy liniêre geskiedenisbeskouing waarin God die begin- en die eindpunt is en die geskiedenis die ontvouing van sy plan met die mens en die wêreld. Waar die Griek gerig is op die verlede wat hom in besonderhede herhaal, kyk Israel na die toekoms. Sy God is die enige, die dinamiese God wie se werke in die nietigste gebeure blyk en wat uiteindelik sy Koninkryk op aarde sal bring. Die begin- en die eindpunt van die geskiedenis staan vir Israel vas, maar in die gebeure wat na die

1) Von Harnack: Lehrbuch der Dogmengeschichte, p. 81.
2) Luk. 18:17.
3) Matth. 26:6-13; Luk. 7:37-50.
4) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 122.

einde voer, speel die mens in vryheid sy rol en hy kan die koms van die Koninkryk bevorder of belemmer. Wat hy laat gebeur, word ook opgeneem in die loop van die wêreldgeskiedenis. Die enigste herhaling wat Israel ken, is die herhaling van die tipologie. So kom Farao telkens in 'n ander vorm op aarde terug om God se volk te verdruk. Dieselfde opvatting kom by Jesus voor: "Dis waar, Elía kom eers en sal alles herstel; maar Ek sê vir julle dat Elía al gekom het, en hulle het hom nie erken nie, maar aan hom alles gedoen wat hulle wou. So sal die Seun van die mens ook deur hulle ly." 1)

Omdat die geskiedenis vir die Jood sin het - bo-tydelike sin - het die mens se aandeel daarin en dus sy lewe ook sin. Die begrip geskiedenis is 'n skepping van die Joodse profetisme. 2) Die doel van die geskiedenis is die voltooiing van God se plan. 3)

Hierdie voltooiing het vir Jesus egter op 'n heeltemal ander vlak gelê as vir die geestelike leiers van sy volk. Volgens rabbynse opvatting sal die vestiging van die Messiasryk gevolg word deur die geestelike heerskappy van Israel wanneer alle nasies tot geloof in God sal kom. Die Messiaanse tydperk sal stoflike sowel as geestelike voorspoed bring, die dood sal verdwyn en dooies lewend gemaak word. Die volk sal sy nasionale luister herwin en 'n Israelitiese vrederyk stig waaraan alle volkere hulle sal onderwerp. 4) Teenoor hierdie verwagting van die Messias as 'n triomferende politieke heerser plaas Jesus die opvatting van die lydende Messias, die kneg wat deur sy plaasvervangende lyding die wêreld verlos. Hiermee verplaas Jesus die verlossing na die hiernamaals, 'n opvatting waarvoor die grootste deel van die volk nog nie ryp was nie. Die koninkryk wat Jesus bring is nie 'n aardse vrederyk nie: "Ek het gekom om vuur op die aarde te werp, en hoe wens Ek dat dit al aangesteek was! ... Dink julle dat Ek gekom het om vrede op die aarde te gee? Nee, sê Ek vir julle, maar eerder verdeeldheid. Want van nou af sal daar vyf in een huis verdeeld wees, drie teen twee en twee teen drie. Die vader sal verdeeld wees teen die seun en die seun teen die vader, die moeder teen die dogter en die dogter teen die moeder, die skoonmoeder teen haar skoondogter en die skoondogter teen haar skoonmoeder." 5)

Jesus bring 'n ander opvatting van die voleindiging van die geskiede-

1) Matth. 17:11-12.
2) Löwith: Wereldgeschiedenis, p. 22.
3) Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 18.
4) Mulder, H.: Theophilus, de "Godvrezende" in Grosheide: Arcana revelata, p. 85-86. Vgl. Mansoor: The Dead Sea scrolls, p. 161.
5) Luk. 12:49-53.

nis as wat destyds by sy volk geheers het: Hy verlê dit na die jenseits.[1])

(4) Arbeid.

Israel se hoë agting vir die arbeid is prinsipieel gefundeer in sy siening van Jahwe as die dinamiese God en in sy antropologie waarvolgens die mens medewerker van God is en metterdaad die koms van die Messias moet voorberei. Hoewel dit oorspronklik geensins die geval was nie, het die verbondsgedagte mettertyd 'n sekere kontraktuele inslag gekry waardeur die Jood gemeen het dat hy deur nakoming van sy deel van die verbond God kan dwing om die Messiasryk te laat kom. Sy hoogstaande arbeidsetos het Israel voorts tot 'n sekere oorwaardering van die materiële en dus vir die menslike arbeid vatbare gepredisponeer en sy heilsverwagting tot aardse utopisme gereduseer.

In hierdie siening bring Jesus 'n radikale verandering. Volgens Farisese opvatting neem God slegs dié mense aan wat die wet nakom. Dit impliseer dat die mens deur sy eie verdienste gered word. Hierteenoor verkondig Jesus die God van liefde wat in barmhartigheid self die bekering bewerkstellig sonder enige prestasie van die mens se kant af. [2]) Jesus skuif die klem terug na die genade van God in plaas van die arbeid van die mens. Dit bring vanselfsprekend 'n verandering in die arbeidsbeskouing mee. [3])

Deur God sentraal te stel verloor die mens se arbeid egter nie alle betekenis nie. Dit lewer wel geen verlossingsbydrae nie, maar die gesindheid van liefde waaruit die arbeid spruit, gee daaraan 'n nuwe diepte. Jesus skort nie die aardse gelukstaat op wat deur die mens se arbeid tot stand moet kom nie, maar Hy stel dit duidelik dat die aardse lewe aan die eschatologiese heilstaat ondergeskik is: "Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie; want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees." [4])

Jesus stel nie die mens vry van die eise van die arbeid nie, maar projekteer die betekenis daarvan na die ewigheid. Hy gaan telkens uitvoerig in op die vraag oor wat die mens moet doen. [5]) God wat van die

---

1) Vgl. Matth. 24:1-44.
2) Vgl. Van Leeuwen, W.S.: De verkondiging van het Koninkrijk Gods in de evangeliën in Waszink e.a.: Het oudste Christendom II, p. 200-201.
3) Cullmann, O.: Het oudste Christendom en de cultuur in Waszink: Op. cit., p. 378.
4) Matth. 6:19-21.
5) Vgl. Luk. 3:11-14.

mens liefde eis, eis daadwerklike liefde: nie die nougesette, vreugdelose nakoming van gedetailleerde wetsvoorskrifte nie, maar 'n liefdevolle gesindheid wat in unieke, persoonlike dade tot uiting kom. Die mens moet aktief aan sy liefde uiting gee: nie elkeen wat Hom Here, Here noem sal gered word nie, maar elkeen wat na sy woorde luister en dit doen. [1]) Die mens is geroep as die getroue en verstandige dienskneg wat sy dienvolk hulle voedsel op tyd moet gee. [2]) Vir sy werk is elkeen deur God op unieke wyse toegerus en volle rekenskap sal van hom geëis word, want die mens ken sy Heer as "'n harde man ... wat maai waar u nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar u nie uitgestrooi het nie." [3])

Die arbeidsdiens waartoe Jesus sy volgelinge roep, raak vanselfsprekend ooreenkomstig die driehoeksverhouding waarin die mens leef, ook die naaste. Vir al hierdie betrekkinge geld as riglyn die gebod: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" [4]) want waaragtige broederskap is belangriker as offerandes. [5])

Met sy leer van liefde vir alle mense verkondig Jesus 'n denkbeeld wat vir die algemene opvatting van sy tyd rewolusionêr was hoewel dit prinsipieel aan die Joodse monoteïsme eie is. Alle verskil van klas en stand val weg. Die mens se arbeid staan nie net in diens van die volksgenoot nie, maar van die hele mensdom.

Jesus eis geen daadlose aanvaarding van die redding wat Hy bied nie, maar algehele inset, liefde teenoor elke mens. Hy wil die mens gebruik om sy Koninkryk uit te brei: die oes is wel groot, maar die arbeiders min. [6]) Die liefde eis inset van alles wat die mens is en het [7]) en sy volgelinge moet geen materiële loon verwag nie. [8]) Die mens is geroep as medewerker van God, maar het die vryheid om sy deelname te weier. [9]) Aanvaarding van sy geroepenheid beteken nie dat die mens daardeur 'n eis teen God het nie: die loon op sy arbeid is 'n saak van God se genade en kan nie verdien of bereken word nie. [10]) Jesus roep op tot nederige diens, en om die beginsel by sy dissipels tuis te bring, was Hy hulle

---

1) Vgl. Matth. 7:21.
2) Matth. 24:45-51.
3) Matth. 25:24.
4) Matth. 22:39.
5) Matth. 5:23-24.
6) Matth. 9:37.
7) Matth. 12:33; Mark. 12:41-44.
8) Matth. 10:8-10.
9) Matth. 12:30; 21:28-31.
10) Matth. 20:1-16.

voete. [1])

Geloof in Jesus vervang dus nie die noodsaak van liefdevolle arbeid nie, maar gee tewens daaraan sin. Deur geloof is die mens tot ongekende arbeidsdade in staat [2]) omdat hy deur die geloof weet dat hy in God se liefde en almag opgeneem is. Die geloof in Jesus gaan daarmee op onnaspeurlike wyse gepaard met geloof in die mens self as beeld van God en navolger van Jesus. Toe Petrus byvoorbeeld uit die skuit geklim en op die see geloop het, het hy bang geword en begin sink. Dit was nie omdat hy nie in Jesus geglo het nie, want sy hulpkreet was: "Here, red my!" [3]) Hy het nie God se mag betwyfel nie maar God se liefde. Daaragter staan die mens se diepgewortelde twyfel aan sy aanvaarbaarheid en beminbaarheid deur God. Hierdie twyfel, 'n uitvloeisel van die mens se skuldgevoel na aanleiding van die sondeval, kan slegs deur liefdevolle oorgawe aan God oorwin word. Daardeur gaan geloof, liefde en arbeidskrag saam.

Die feit dat Jesus se volgelinge tot ongelooflike arbeidsprestasies in staat is, is juis 'n belangrike verskil tussen Hom en die Fariseërs: hulle gee voorskrifte sonder om hulleself in te set. [4]) Jesus eis nie alleen van sy dissipels toegewyde werk nie, maar werk met hulle saam [5]), want "My Vader werk tot nou toe en Ek werk ook." [6]) Geloof beteken vir die Christen dus nooit passiewe aanvaarding nie: "Deur julle volharding moet julle jul lewe in besit kry." [7]) Jesus se volgelinge moet elke oomblik gereed wees vir arbeid: "Laat julle heupe omgord wees en julle lampe aan die brand." [8])

Jesus doen nie die arbeidseis wat vir die Jood gegeld het te niet nie: Hy bed dit in die liefdegebod in en suiwer dit daarmee van die kontraktuele element wat dit in die leer van die Fariseërs aangeneem het: die arbeid is nie arbeid met die oog op loon nie, dit is arbeid uit liefdesplig, dit is arbeid wat deur God se genade en liefde moontlik gemaak en geïnspireer is, dit is liefde wat in 'n daad konkreet geword het.

Met hierdie edele fundering van die noodsaaklikheid van arbeid gaan Jesus se talle waarskuwings teen die gevare van materiële besit, die stoflike loon op die arbeid, saam. 'n Ryk man sal beswaarlik in die koninkryk

---

1) Matth. 20:26-28; Joh. 13:5-15.
2) Matth. 21:21.
3) Matth. 14:28-33.
4) Matth. 23:3-4.
5) Mark. 16:20.
6) Joh. 5:17.
7) Luk. 21:19.
8) Luk. 12:35.

van die hemele ingaan [1]) omdat stoflike welvaart die gees ongevoelig kan maak vir die roepstem van God. Die enigste keer dat Jesus fisieke geweld teen mense gebruik het, was tewens in die tempel wat deur handelaars in 'n Mammonstempel omskep is. [2]) Die mens kan nie God én Mammon dien nie: hy moet 'n besliste keuse doen.

Arbeid, selfs in diens van die medemens, kan in die weg van die mens se ware geluk staan deur te veel van sy aandag in beslag te neem: Martha is besorg en verontrus oor baie dinge, maar een ding is nodig; en Maria het die goeie deel uitgekies wat van haar nie weggeneem sal word nie. [3]) Materiële besit is skynrykdom waarvan die mens nie verseker kan wees nie. [4]) Dit kan 'n oormatige houvas op hom kry sodat hy die soeke na die koninkryk van God verwaarloos en dit kan meebring dat die mens daarop vertrou in plaas van op God. "Kyk na die lelies, hoe hulle groei: hulle arbei nie en hulle spin nie; en Ek sê vir julle, selfs Salomo in al sy heerlikheid was nie beklee soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges!" [5]) Jesus wil dit by sy dissipels tuisbring dat hulle arbeid nie 'n magsmiddel is waarmee hulle God se seën kan afdwing nie: dit is liefdediens wat nie na loon vra nie en maar net ryklik en verniet aan ander gee omdat dit verniet ontvang is.

Jesus se leer lê klem op die mens se arbeid: Hy sal hulle vissers van mense maak [6]), maar dit is nie utopie-verwesenlikende arbeid nie: dit is liefdediens en daarom bou dit God se koninkryk uit want dié is liefde. Daarom kon Jesus aan die einde van sy aardse loopbaan sê: "Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring." [7])

Die arbeid waartoe Jesus sy volgelinge roep, eis dikwels daadwerklike lyding, dit het soms geseling en die dood ten gevolg, dit is arbeid sonder sigbare loon, liefde-arbeid wat saamgaan met bereidheid tot lyding en wat 'n aspek is van die fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe.

Dit is nie deur die <u>mens</u> se werk dat die Koninkryk sal kom nie: dit is deur <u>God</u> se werk. Maar in sy genade ruim Hy daarin 'n plek vir die

---

1) Matth. 19:23-24.
2) Matth. 21:12-13.
3) Luk. 10:41-42.
4) Luk. 12:16-21.
5) Luk. 12:27-28.
6) Matth. 4:19.
7) Joh. 17:4.

mens se liefdebetoon in. Die Jood kan die gedagte van verlossing deur Jesus nie aanvaar nie: sy opvatting van die mens se vennootskap waardeur die wêreld gered moet word, is vir hom te fundamenteel om prys te gee. [1]) Hy kan nie daarvan afsien dat die wêreld deur die verdienste van sý dade gered moet word nie, en daarom kan selfs 'n moderne teoloog van die formaat van Martin Buber die Christelike opvatting van geloof misverstaan en daarvan sê: "Dem erlösungsbedürftigen Menschen der verzweifelnden Stunde wird die Erlösung angeboten, wenn er nur glaubt, dass sie geschehen ist und dass sie so geschehen ist ... An den zu Bekehrenden tritt Forderung und Weisung, das zu glauben, was er nicht in der Kontinuität, nur im Sprung zu glauben vermag." [2]) Die prysgawe van eie mag ten gunste van God se almag is meer as waartoe die Jood in staat is. Daarom verstaan hy die Christen se opvatting van verlossing en geloof verkeerdelik as daadlose aanvaarding van die heilsgebeure en kom hy teen so 'n selfsugtige houding in verset: "Wenn Gott meiner bedarf, bedarf er meiner, um ihn zu erwarten, oder um ihn zu bereiten? Und wie könnte ich es fassen ... dass Gott meiner nicht bedürfe: Dass ich zum Spiel gemacht sei und nicht zu einer Vollendung?" [3])

Met sy arbeidsopvatting sluit Jesus by die Joodse beskouing van God as die dinamiese, werkende God aan, maar Hy leer dat God in sy werkende almag soewerein is en die mens nie nodig het nie. Dit sluit egter geensins die noodsaaklikheid van die mens se inset en arbeid uit nie: arbeid in diens van die medemens en van God se koninkryk is die daadwerklike uiting van liefde vir God en die medemens. Tot hierdie liefdebetuiging is die mens uit homself nie in staat nie: dit word deur God in hom gewek. Arbeid is liefde wat sigbaar geword het.

(5) Lyding.

In die Ou Testament word nie alleen 'n plek vir die feit van die mens se lyding gevind nie, maar dit kry tewens eschatologiese betekenis: deur die mens se sondeval in die wêreld gebring, word lyding deur God nie slegs as straf op die sonde gebruik nie, maar om die mens na Hom terug te bring. As sodanig skei lyding die mens nie van God nie; dit is inteendeel 'n bewys dat God Hom met die mens bemoei. Hy is by sy skepsel in sy lyding. Lyding het daarmee 'n pedagogiese betekenis wat vir die Griek ondeurgrondelik was. [4])

---

1) Flesseman-van Leer, E.: De afwijzing van het Christendom door Martin Buber in De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 140.
2) Buber: Zwei Glaubensweisen, p. 9.
3) Kohn: Martin Buber, p. 155.
4) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 285.

Dwarsdeur die Ou Testament loop die lyn van lyding, en dit word in die Nuwe Testament voortgesit. 1)

Jesus bestry die primitiewe opvatting dat lyding die straf op persoonlike sonde is: "Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word." 2) Vryheid van lyding is daarmee ook nie 'n teken van sondeloosheid nie. 3) Lyding moet die mens daartoe bring om hom na God te keer. 4) Die evangelieskrywers noem tallose gevalle van mense wat deur lyding na Jesus gedryf is om by Hom genesing te soek. 5) Soos in die Ou Testament is lyding 'n baie letterlike weg na God toe; dit is 'n werktuig in God se hand en het daarmee die grootste pedagogiese betekenis. 6) Daarom word die dissipels tot lyding opgeroep. "Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg." 7)

Die lyding wat die mens verduur is nie iets vreemds, 'n gebrek in sy skepping nie, maar 'n noodsaaklike aspek van sy bestaan, want dit is 'n werktuig in God se hand om die mens na Hom te bring, dit is God se weg vir die mens 8), dit is die deurgang na 'n hoër religieuse belewenis: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug." 9) Die mens moet sy lyding dus as 'n onmisbare deel van sy lewe aanvaar, nie met Stoïsynse fatalisme of stil verbystering nie, maar omdat hy weet dat dit God se weg met hom is om hom na die geluk van die Koninkryk te bring. "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, julle sal ween en rou bedryf, maar die wêreld sal bly wees. En julle sal bedroefd wees, maar julle droefheid sal in blydskap verander. 'n Vrou het droefheid wanneer sy baar, omdat haar uur gekom het; maar wanneer die kindjie gebore is, dink sy nie meer aan haar benoudheid nie, om die blydskap dat 'n mens in die wêreld gebore is." 10) Jesus se volgelinge moet daarom nie alleen lyding kan verduur nie: hulle moet lydingsbereid wees. 11) Deur lyding kom die mens

---

1) Lindijer: Het lijden in het Nieuwe Testament, p. 43.
2) Joh. 9:1-3.
3) Luk. 13:4.
4) Vgl. Joh. 9:3.
5) Mark. 1:32-33; 1:45; 3:1-2; 3:9-10; 4:1; 6:55-56.
6) Lindijer: Op. cit., p. 84.
7) Matth. 16:24. Vgl. Luk. 14:27; Mark. 13:13.
8) Joh. 11:14.
9) Joh. 12:24.
10) Joh. 16:20-21. Vgl. Joh. 16:33.
11) Van Leeuwen, W.S.: De verkondiging van het Koninkrijk Gods in de evangeliën in Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur II, p. 205.

tot heling van die breuk tussen hom en God en dus tot die enigste ware geluk. [1]

Die lyding wat Jesus se volgelinge moet verduur, kom van buite en van binne want die kwaad is nie alleen in die wêreld nie, maar ook binne die mens. "Het ik dat door hebzucht, machtsbegeerte, door eigen recht willen en door hartstocht bewogen is, moet dood. De Boze is binnen de mens met zijn dood-werkende wil. Maar ook er buiten. Het verzet van Mammon, Macht, Wellust bracht de dood aan Joh. de Doper, maar geconcentreerd aan Jezus. De Zijnen zouden dit verzet op leven en dood ook vinden." [2]

Behalwe op die natuurlike lyding wat deel vorm van die menslike bestaan, vestig Jesus die aandag op die lyding wat sy volgelinge as direkte uitvloeisel van hulle dissipelskap sal ervaar. Deur sulke lyding kan die mens God verheerlik: dit is lyding om sy ontwil. [3]

In sy eie optrede stel Jesus die voorbeeld van hoe lyding gedra moet word. Die gewillige aanvaarding van lyding is nie masochistiese selfmarteling nie maar vertrouende onderskikking aan God se wil. "En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil." [4] Die Seun van God, wat twaalf legioene engele tot sy beskikking gehad het [5], onderwerp Homself gehoorsaam aan geseling, bespotting en kruisiging. [6]

Ook in lyding is sy dissipels sy volgelinge. [7] Later sou die sielelyding van Petrus omdat hy sy Meester verloën het met liggaamlike lyding en, volgens oorlewering, met die marteldood aangevul word. Sy lyding het egter teruggelei na Jesus wat hy verlaat het en tot die erkenning: "Here, U weet alles, U weet dat ek U liefhet." [8] Hierteenoor staan die steriele lyding van Judas, die verraaier, wat net tot sy eie dood gevoer het. [9] Dit hang van die mens se gesindheid af of sy lyding hom tot die Lewe of tot die dood voer.

Jesus se koms bring die offensief teen die heerskappy van die lyding

---

1) Matth. 5:10-12.
2) Van Leeuwen, W.S.: De verkondiging van het Koninkrijk Gods in de evangeliën in Waszink e.a.: Het oudste Christendom II, p. 206.
3) Joh. 21:19.
4) Matth. 26:39.
5) Matth. 26:53.
6) Matth. 27:26-31; Mark. 14:65.
7) Matth. 26:75.
8) Joh. 21:17.
9) Matth. 27:5.

wat op die sondeval gevolg het. Hy genees siekes en besetenes en wek dooies op, maar die betekenis daarvan gaan telkens bo die feitelikheid van die gebeure uit: dit verwys na die komende Godsryk waarin geen lyding, siekte of dood meer sal wees nie. [1]) Deur aan die menslike bestaan 'n ewigheidsprojeksie toe te voeg - 'n gedagte wat reeds by Israel en in die misteriegodsdienste aan deurbreek was - en deur dit met sy wondere reeds te voorafskadu, bevry Jesus die mens van die angs vir die oormag van die dood. [2]) Die lyding wat Hy nie wegneem nie, en dié wat Hy op sy volgelinge lê, versag Hy met die versekering van sy bystand en die betekenis wat dit vir die uitbreiding van die Koninkryk het: Hy stuur die Heilige Gees as trooster en Hy sal sy volgelinge nie as wese agterlaat nie, maar kom weer na hulle toe. [3]) Jesus verwyder nog nie die lyding uit die wêreld nie, maar toon die betekenis daarvan aan. Vir die gelowige word lyding 'n toegang tot die komende Koninkryk, en om te ly beteken om na die heerlikheid onderweg te wees. [4])

Voordat die koninkryk van God met die wederkoms van Jesus in volle heerlikheid sal aanbreek, sal sy volgelinge om sy ontwil gehaat en mishandel word. Ook oor die wêreld as geheel sal vóór die wederkoms geweldige rampe en lyding kom: daar sal oorloë en vervolging wees, aardbewings, hongersnode en pessiektes, Jerusalem sal verower en die inwoners weggevoer word; selfs aan die son, maan en sterre sal tekens wees, mense se harte sal beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom, want selfs die kragte van die hemele sal geskud word. Al hierdie dinge moet eers plaasvind voordat die Koninkryk kom. [5])

Met die tweede koms van Christus sal die sonde - en sy uitvloeisel, lyding - finaal oorwin wees. Die wat treur, sal dan vertroos word [6]) en die wat ween, sal dan lag. [7]) Tot aan die volledige koms van die Koninkryk sal die mens se lyding op aarde egter voortduur en selfs verhewig word. Die mens mag egter nie na die betekenis van sy besondere lyding vra nie maar moet vertrouend in God se beskikking berus. [8]) Die mens kan nie deur lyding sy skuld versoen nie, maar lyding ter wille van die geloof is 'n deel van God se opdrag [9]) en Jesus verseker daarom sy volgelinge van

---

1) Lindijer: Het lijden in het Nieuwe Testament, p. 47.
2) Ibid., p. 50.
3) Joh. 14:16-18.
4) Lindijer: Op. cit., p. 54.
5) Luk. 21:7-33.
6) Matth. 5:4.
7) Luk. 6:21.
8) Matth. 20:1-6; Luk. 17:7-10.
9) Lindijer: Op. cit., p. 98. Vgl. Matth. 27:34.

sy bystand. So gesien het lyding die hoogste pedagogiese betekenis.

(6) Die sinvolle.

Israel se besondere verdienste was sy verbinding van religie en moraal. As lid van die verbond dra hy besondere verantwoordelikhede wat in die Tora uiteengesit is. Die versoening met God sal deur die Messias voltrek word, maar elke lid van die volk het nietemin die Messiaanse opdrag om op sy besondere wyse met heiliging van elke aspek van sy bestaan die koms van die Messias voor te berei. Die lyding van die Babiloniese gevangenskap laat Israel geleidelik van sy aanvanklike aardse eindtydverwagtinge afsien ten gunste van jenseitsverwagtinge. Ooreenkomstig die Joodse opvatting van die eenheid van liggaam en siel behels hierdie hiernamaalsgeloof ook die wederopstanding van die liggaam, wat aanvanklik baie materialisties maar later meer vergeestelik gesien word. Ten tye van Jesus was die geloof in die opstanding reeds by die massas aan deurbreek, hoewel nog in baie materialistiese vorm. 1) Jesus bou dié aarselende opvattinge uit tot geloofsekerheid en veredel dit. Sy leer sluit nou by die Ou Testamentiese aan maar Hy trek die ontwikkelingslyn wat in potensie aanwesig is, na iets heeltemal nuuts deur.

(a) Verband tussen religie en moraal.

Soos die Ou Testamentiese denkers bewaar Jesus die onverbreekbare band tussen religie en moraal en eis Hy die volle inset van die persoonlikheid. Hy bring egter 'n nuwe siening van God. God is nie in die eerste plek Jahwe, die nomadiese krygsgod wat oog om oog en tand om tand eis nie, maar die Vader, die God wat uit liefde alles gemaak het en onderhou. God is die bron van alle liefde, Hy is liefde self en daarom kan die mens, sy beeltenis, ook liefde betoon. Hiermee verbind Jesus religie en moraal om 'n onoortrefbare etiese norm te stel: "En soos julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, so moet julle ook aan hulle doen ... Julle moet julle vyande lief hê en goed doen en leen sonder om iets terug te verwag, en julle loon sal groot wees; en julle sal kinders van die Allerhoogste wees; want Hy self is goedertieren oor die ondankbares en slegtes. Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is." 2) Jesus se leer gaan dus nog veel verder as sy opdrag om aan ander te doen soos die mens aan homself gedoen wil hê: uit die rykdom van God se liefde wat hom geskenk is moet die mens gee sonder om te verwag. "Maar wanneer jy 'n feesmaal gee, nooi armes, verminktes, kreupeles, blindes, en jy sal gelukkig wees, omdat hulle niks het om jou te

1) Matth. 20:20-21; 22:23-28.
2) Luk. 6:31, 35-36.

vergeld nie; want dit sal jou vergeld word in die opstanding van die regverdiges." [1])

Jesus vat ál die Ou Testamentiese voorskrifte saam: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." [2]) Met hierdie liefdegebod som Hy die hele Ou Testamentiese wetskompleks in 'n enkele sin op, verstaanbaar vir die eenvoudigste maar nogtans onuitputlik in die rykdom van sy implikasies. Daarmee trek hy ook 'n streep deur die ingewikkelde Farisese kasuïstiek wat swaar laste op die gewone volk gelê en sy gedrag tot in die fynste voorgeskryf het. Hy stel die mens voor die persoonlike opgawe van 'n eie beslissing wat die toepassing van die liefdegebod betref. Anders as die Fariseërs skryf Hy nie van buite voor nie: Hy lei die mens om self te soek en so tot die hoogste persoonlike verantwoordelikheid te kom. Hiervoor geld die eis dat die mens weergebore moet word, dit wil sê dat hy in 'n verhouding van liefde en geloof teenoor God sal staan in plaas van die lig te haat. [3])

Teenoor sy medemens moet hy die liefde bewys wat God aan hom bewys en waardeur die wêreld gered sal word: "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word." [4]) Deur kontak met Jesus is die mens in verbinding met die liefde van God. Jesus is die bron van lewe, die brood van die lewe. [5])

Jesus lê die beginsel van liefde vir alle mense neer, ook vir die vyand, want daar is maar één God en Hy is elke mens se Vader. Niemand is van sy liefde uitgesluit nie en daarom mag niemand van die mens se liefde uitgesluit wees nie. Met hierdie reël bring Jesus die ideale driehoeksverhouding God-mens-medemens tot stand wat nie op plig gegrond is nie maar op die liefde wat van God uitstraal. Etiek en moraal is sodoende nie alleen op religie gebaseer nie, maar is self 'n onmisbare deel van die religie. Deur Jesus is die skeiding tussen Israel en die gojim wat

---

1) Luk. 14:13-14. Vgl. Luk. 22:26.
2) Matth. 22:37-39.
3) Joh. 3:3-6.
4) Joh. 3:16-17.
5) Joh. 6:35.

in die praktyk altyd bestaan het, opgehef: God is die Heer van alle mense. [1] Die inlywing van die volkere by Israel was reeds aan die gang deur die maak van proseliete [2], maar nou kom die oorweldigende deurbraak: Jesus strek sy arms uit na die hele wêreld. [3] Dit maak van elke mens tot in die verste heidenland 'n broer en bring 'n eenheid in die etiek wat Israel met sy minagting vir die gojim en die Am ha'arets nie geken het nie.

(b) Die realisme van Jesus se denke.

Die stelling dat Israel se denke nie filosofies is nie maar realisties geld ook vir Jesus. Dit is selde dat Hy Hom in veralgemenings uitdruk: gewoonlik tree Hy in 'n direkte, persoonlike verhouding op met 'n mens in die konkreetheid van sy nood. Hy bou nie 'n filosofies-afgeronde stelsel op nie, maar wil in die mens 'n werklike behoefte aan God se liefde opwek. Sy leer dra Hy by voorkeur in die vorm van gelykenisse oor: in sketse van bekende gebeurtenisse waarin ewige waarhede opgesluit lê en waarin elkeen wat dit hoor ooreenkomstig sy geestelike peil vlakker of dieper kan delf. Hy sien die mens in die konkreetheid van sy eksistensie, in sy magteloosheid teen die kwaad waardeur hy hom, aanvanklik uit vrye wil, laat ketting het, en Hy roep hom op tot selfontdekking, tot die aanvaarding van God se liefde en om nie meer te sondig nie. Vir hierdie wending is dit nooit te laat nie, soos blyk uit die gevalle van die sondares wat sy voete gewas het [4], Levi, die tollenaar [5] en die kwaaddoener aan die kruis. [6] "Christ always linked repentance - knowledge of our inadequate and undeveloped self - with forgiveness - the assurance of help towards becoming what we long to be. Guilt-complexes, selfhate, and aggressiveness develop where repentance is divorced from forgiveness, so that the self is focused upon what has been and not what it can become." [7] Jesus laat die sondaar nie in sy verlorenheid nie, maar wys hom die weg terug na God toe en steun hom daarop. Sy leer wys na die toekoms, na die oorwinning oor die kwaad en is dus pedagogies van die hoogste betekenis.

(c) Jesus as vervulling van die wet.

Jesus meld uitdruklik dat Hy nie gekom het om die wet te ontbind

---

1) Bijlsma: Kleine catechetiek, p. 171.
2) Matth. 23:15.
3) Grolle, J.H.: Het apostolaat der Kerk en het gesprek met Israël in De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 155.
4) Luk. 7:37-50.
5) Luk. 5:27-32.
6) Luk. 23:40-43.
7) Hopkinson, A.S. in Mitchell: The God I want, p. 114-115.

nie maar om dit te vervul. [1]) Hy lê egter klem op die gees en die gesindheid van die wet in plaas van die verlammende wettiesheid en gedetailleerde voorskrifte waarin die Fariseërs dit laat verstar het. Waar die Fariseërs die klem op die <u>wet</u> laat val, lê Jesus dit op die <u>mens</u>: die Sabbat is vir die mens gemaak, nie die mens vir die Sabbat nie. [2]) Die Fariseërs het oor Sabbatsheiliging alleen nie minder as 39 bepalings gehad nie, en die Sabbat is soveel hoër as die belange van die mens gestel dat sowat 4,000 Chasidim hulle in 168 v.C. liewer laat dood het as om hulle op die Sabbat te verdedig. [3]) Hierteenoor stel Jesus die mens se vryheid om sy eie Sabbat, sy tyd vir kontak en aanbidding, te maak. [4]) Jesus vereenvoudig die ingewikkelde sisteem van wetsbepalings en maak elke mens weer persoonlik verantwoordelik.

Dat Jesus "die hele wet en die profete" met die eenvoudige liefdegebod vervang, beteken nie 'n breuk met Israel se tradisie nie: Hy bring die gewone mens daardeur trouens tot die aanvaarding van persoonlike verantwoordelikheid en tot kontak met God, so direk soos dié van Moses by die brandende doringbos. Daarby verinnig Hy die wet deur nie net die daad te beklemtoon nie, maar veral die grondliggende gesindheid. [5]) Hy gee geen bindende voorskrifte wat in elke situasie blindelings toegepas moet word nie: Hy is self die weg wat gevolg moet word. "In the mission of Jesus, in his words and in his deeds, the kingdom had been inaugurated. Its fulness was still to come, but the 'shape', so to speak of the kingdom 'with power' (Mark 9.1) would not be essentially different from what had already arrived." [6]) Die koninkryk van Christus moet deur elke gelowige ooreenkomstig die liefdegebod en ooreenkomstig sy eie uniekheid uitgebou word. Jesus eis van die mens die grootste egtheid; daarom veroordeel Hy huigelagtigheid telkemale in skerp woorde. [7])

Jesus sluit met die liefdegebod by die eerste verbond van God met Israel aan, waarvolgens Hy Israel gekies het uit geen ander oorweging as uit liefde nie. Jesus belig hier egter 'n aspek van God se wese wat Israel tevore nog nie ryp was om te verstaan nie en wat in skrille teëstelling met die geweld van die tyd gestaan het. Daarmee eis Hy van die enkeling veel groter persoonlike verantwoordelikheid as die Fariseërs met hulle

---

1) Matth. 5:17-18.
2) Mark. 2:27.
3) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 118.
4) Ibid., p. 189.
5) Matth. 18:21-22.
6) Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 339-340.
7) Vgl. Matth. 6:1-3.

aandrang op onvragende onderskikking aan die wet. Jesus ken nie die Fariseërs se veragting vir die eenvoudige volksmens nie van wie hulle sê: "Maar hierdie skare wat die wet nie ken nie, is vervloek!" 1) Anders as Jesus het die Fariseërs die waarde van die enkeling nie erken nie: dit is vir hulle voordelig dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie omkom nie. 2) Hulle sien in Jesus 'n vloek wat die houvas van die Tora op die volk in gevaar stel en begeer dus sy dood om die volk van dié vloek te bevry. 3) Vir die Fariseërs is die <u>wet</u> heilig en dus hoofsaak en moet die mens daaraan geoffer word; vir Jesus is die <u>mens</u> as beelddraer en kind van God hoofsaak. Hy voldoen namens die gelowige aan die eise van die wet en bring in plaas van starre voorskriftelikheid wat die eie persoonlikheid geen vryheid laat nie die liefdegebod wat prikkel tot geestelike groei.

(d) <u>Die uitverkiesingsgedagte</u>.

Uit Israel se siening van homself as geroepe bondsvolk spruit vanself die uitverkiesingsleer voort. Christus sit hierdie tradisionele opvatting voort: die evangelie is in die eerste plek vir Israel. 4) Die redding is vir alle mense en alle volkere, maar dit moet deur Israel geskied want die saligheid is uit die Jode. 5)

Net soos in Israel word die verkiesingsleer deur Jesus nie tot 'n logies-verantwoorde sisteem uitgebou nie: God, die dinamiese en almagtige, kan nie aan reëls gebind word nie. Enersyds lui dit: "Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word." 6) Andersyds is daar uitsprake wat vanuit menslike regverdigheidstandpunt nie verklaarbaar is nie: arbeiders word op verskillende tye gehuur maar nie dienooreenkomstig besoldig nie. 7) Jesus vestig die aandag pertinent daarop dat God die soewereine is, nie alleen die Al-magtige nie, maar ook die Al-hebbende en dat Hy sy gawes skenk of weerhou na gelang van sy plan met die mens en die wêreld. Die kontraktuele beginsel wat in die verbondsgeloof ingesluip het, word hier-

---

1) Joh. 7:49.
2) Joh. 11:50; 18:14.
3) Van Leeuwen, W.S.: De verkondiging van het Koninkrijk Gods in de evangeliën <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom II, p. 196.
4) Matth. 15:22-26. Vgl. Beek, M.A.: De geschiedenis van Palestina <u>in</u> Waszink: Op. cit., p. 424.
5) De Beus, C.: De uitverkiezing van Israël in de evangeliën en de brieven van Paulus <u>in</u> De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 33.
6) Matth. 7:7-8. Vgl. Matth. 11:28.
7) Matth. 20:15-16.

mee streng bestry. Dit is God alleen wat besluit. Selfs Jesus beskik nie oor die volmag om te beloon nie: "Maar om te sit aan my regter- en aan my linkerhand berus nie by My om te gee nie, maar is vir hulle vir wie dit deur my Vader berei is." [1]) Niemand kan uit sy eie toegang tot God se bruilofsmaal kry nie [2]) en die keuse van wie gered word , sal vir die mens onbegryplik bly: "Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee vroue sal by een meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat." [3])

Nogtans is daar by God 'n verborge, aan die mens onbekende rede vir sy keuse. Die keuse is nie afhanklik van die persoon se dade nie, maar berus by God alleen. God vra egter van die mens die gesindheid van afwagting, getrouheid en ontvanklikheid: "Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie." [4])

Aan verskillende mense gee God verskillende talente, elkeen na sy vermoë, maar van elkeen verwag Hy getroue arbeid ooreenkomstig wat aan hom toevertrou is. [5]) Onder <u>talente</u> word in die betrokke gelykenis miskien <u>geleenthede</u> verstaan: vermoë word hier primêr gestel en talente as sekundêre toegif. Die gawe van die talente is dus 'n sekundêre voortbou op die primêre uitverkiesing, die vermoë.

Die mens se werk kan nie soos die Jode geleer het God se heilsplan bespoedig of belemmer nie, maar is nogtans nie sonder betekenis nie en sal in die ewige lewe beloon word. [6]) Net dié wat waardig geag word, sal opstanding uit die dode verkry. [7]) Die mens moet dus deur nakoming van die liefdegebod die Vader en die medemens dien maar hy kan die ewige loon nie daarmee ver-dien nie: dit bly 'n genadegawe. "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag." [8])

Jesus, self deur God uitverkies om Sy wil te volbring, gehoorsaam tot die uiterste aan dié roepstem. [9]) Hy tree ook self uitverkiesend op deur die keuse van sy dissipels. Die redes vir die keuse word nêrens gemeld nie, maar dit was nietemin nie willekeurig nie: Hy kies hulle wat reeds

1) Matth. 20:23.
2) Matth. 22:11-14.
3) Matth. 24:40-41.
4) Matth. 24:42.
5) Matth. 25:14-30.
6) Luk. 18:29-30.
7) Luk. 20:35. Vgl. Filip. 3:11.
8) Joh. 6:44.
9) Matth. 26:38, 42.

deur God uitgekies is: "Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak..." 1) Ook die verkiesing van Judas Iskariot was deel van God se plan. 2) "Het Ek nie julle twaalf uitverkies nie? En een van julle is 'n duiwel!" 3)

Die verkiesing gaan om God se plan en nie om die mens nie. Die redes daarvoor lê dus ook nie op menslike vlak nie.

Die verkiesing dra voorts ook nie die karakter van 'n onveranderlike beskikking wat die geroepenes geen vryheid laat om 'n ander weg te gaan nie. Die verkiesing is deur God, maar behels altyd ook die mens se vrye antwoord daarop. Selfs 'n geroepe apostel kon nog 'n teëstander van Jesus word. 4) Daarmee is die mens se vrye beslissing deel van sy uitverkiesing. Deurgaans geld sy verantwoordelikheid vir die dade wat op sy vryheid tot eie keuse berus.

Die verkiesingsleer van Jesus kan, net soos dié van Israel, aan geen logiese reëls ondergeskik word nie: God is die almagtige, die dinamiese wat geen beperking ken nie en wat nie in menslike begrippe ingepas kan word nie.

(e) <u>Messiaanse beskouing</u>.

Uit die voorgenoemde ontmoetingsituasies neem die beeld van Jesus soos Hy in die daaglikse omgang met sy volksgenote en met enkele vreemdelinge verskyn het, geleidelik vorm aan. Dit is die beeld van 'n geniale en ontsag-afdwingende leermeester wat deur die krag van sy persoonlikheid en die eenvoud en trefkrag van sy leer sy volk uit die frustrerende dwaalgange van die Farisese kasuïstiek terugvoer na die vrye lug van 'n direkte, persoonlike lewe voor God, na die vryheid en die verantwoordelikheid van 'n eie beslissing wat die voorwaarde vir geestelike groei is. Hy bevry die mens van die opgestapelde las van wettiese voorskrifte en stel hom voor die opdrag om in selfrespek en bewus van sy hoë afkoms 'n heilige lewe te voer en na God se stem te luister. Daar is naamlik twee basiese verhoudinge waarin die mens teenoor God kan staan; dié van vrees en dié van liefde. Met hulle wetskasuïstiek het die Fariseërs vrees gebruik om die massas te beheer, maar dit het meegebring dat die gewone volk op 'n betreklik primitiewe vlak van religieuse ontwikkeling bly staan het sonder moontlikhede vir groei. Daarteen stel Jesus die beginsel van liefde waaruit lewe en groei spruit.

1) Joh. 17:12.
2) De Beus, C.: De uitverkiezing van Israël in de evangeliën en de brieven van Paulus <u>in</u> De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 35.
3) Joh. 6:70.
4) De Beus: Op. cit., p. 36-37.

Enersyds bring Jesus met sy leer van direkte ontmoeting die mens terug na die oertoestand in die Tuin toe Skepper en skepsel saam gewandel het; andersyds is sy leer van opstanding en ewige loon en straf 'n deurbraak na 'n dimensie in die religie wat voorheen-ongekende religieuse belewenis moontlik maak. Slegs op grond van sy optrede as aardse leermeester sou Jesus reeds die grootste etiese betekenis gehad het. Daarom kan Martin Buber, een van die grootste Joodse teoloë van die 20ste eeu, van Jesus as die "sentrale Jood" praat [1]) en sê: "Jesus habe ich von Jugend auf als meinen grossen Bruder empfunden ... Gewisser als je ist es mir, dass ihm ein grosser Platz in der Glaubensgeschichte Israels zukommt und dass dieser Platz durch keine der üblichen Kategorien umschrieben werden kann." [2])

As <u>Seun van die Mens</u> het Jesus reeds die grootste betekenis gehad vir die ontwikkeling van die religieuse opvattinge en dus van die opvoeding wat daarmee verweef is. Maar die evangelieskrywers sien Hom ook - en veral - as <u>Seun van God</u>, as die lankverwagte Messias wat sy volk en deur sy volk die hele wêreld uit die sondeslawerny kom uitlei het. Daarom is dit nie die bedoeling van die evangelies om 'n van dag tot dag biografie van Jesus se lewe op aarde te gee nie [3]): die verkondiging van die koninkryk van God wat deur Hom gekom het, is die kern. [4]) Die evangelie is nie in die eerste plek die verhaal van 'n menslike leraar nie; dit bring die boodskap: dit is God se werk. Die betekenis van die evangelies lê daarmee nie soseer in die hoogstaande etiek wat Jesus verkondig nie, maar in die Messianiteit van Jesus. Dit tree as 'n apokaliptiës-eschatologiese boodskap in die wêreld en verkondig dat die Godsryk met Jesus se werke 'n aanvang geneem het: Hy is die Messias.

Die boodskap wat Jesus as Messias bring om sy koninkryk op aarde te vestig, is dié van God se Vaderliefde.[5])In die verskyning van Jesus gaan dit om iets wat alle menslike hoop, denke en verwagtinge oortref het. [6]) Die Ou Testamentiese verwagtinge kry in Hom 'n onvermoede, bonatuurlike inhoud. [7]) Sy Messiasskap was nie die verwagte politieke ryk wat die volk verwag het en sou verstaan het nie. [8]) Israel het niks begryp van

---

1) Buber: Der heilige Weg, p. 40.
2) Buber: Zwei Glaubensweisen, p. 11.
3) Stam, C.: Het slot van het evangelie <u>in</u> Grosheide: Arcana revelata, p.127.
4) Van Stempvoort, P.A.: Het ontstaan van het kerkbegrip en de oudste kerkorganisatie <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom II, p. 321.
5) Vgl. Von Harnack: Lehrbuch der Dogmengeschichte, p. 69.
6) Ridderbos: Paulus en Jezus, p. 101.
7) Ibid., p. 102.
8) Van der Loos, H.: De boodschap van Jezus Christus <u>in</u> Waszink: Op.cit., p. 152.

'n Messiaskoning wat sou moes ly en sterwe nie want in Jesus se dae was dié voorstelling nie algemeen by die volk verbreid nie. Die Fariseërs en Sadduseërs het saamgespan om Hom tot 'n val te bring en die volk was oor die algemeen meer geïnteresseerd in brood en wondergenesings as in geestelike insig. Eers ná sy dood en opstanding sou die Messiaanse misterie vanuit die vervulling deur die Heilige Gees verstaan word. [1]) In die onderwys van die rabbi's het die optrede van die verwagte Messias ter sprake gekom, maar sy lyding en sterwe is daarin óf nie genoem nie óf daar is geen melding gemaak daarvan dat dit ter wille van die sonde van sy navolgers sou wees nie. Dat die Messias sonde vergewe, dat Hy sy lewe sal gee as losprys vir baie, dat Hy die Middelaar is deur wie die volk gered moet word, is in die opvattinge van die Joodse leiers negeer. [2])

Die Ou Testament toon 'n geleidelike oorgang van die aanvanklike aardse Messiasverwagtinge na 'n meer geestelike hoop waarvan Jesaja die hoogtepunt vorm. Daarvolgens is die heil volstrek geestelik gegee en nie deur oorwinning met die swaard verkry nie; dit loop nie op 'n Joodse magstaat uit nie maar op vrede in die wêreld. [3]) Hierdie eschatologiese verwagting was egter nie deel van die rabbynse leer nie: die gangbare Joodse Messiasverwagting was ten tye van Jesus 'n aardse en 'n gemeenskapsverwagting. "(Israels) Harren auf den Messias ist das Harren auf die wahre Gemeinschaft. Darum will es nicht von einem jenseitigen Gott wissen ... Darum wird es nie, solange das Reich Gottes nicht erstanden ist, einen Menschen als den gekommenen Messias anerkennen; und wird doch nicht aufhören, vom Menschen die Erlösung zu erwarten, weil es des Menschen Sache ist, Gottes Macht in der Erdenwelt zu begründen." [4])

Israel het Jesus om verskillende redes nie as sy Messias aanvaar nie. Eerstens was die volk nog nie ryp vir die jenseitsopvatting nie, tweedens was die opvatting van die eenheid van alle dinge 'n sterk kenmerk van die Joodse lewensopvatting; Jesus het nie die aardse samelewing vervolmaak nie en kon dus volgens Joodse siening nie die Messias wees nie. [5]) Daarby kom ander oorwegings soos sy nederige afkoms. [6]) In die Joodse denke is die uittog uit Egipte die groot verlossingswerk, die voorafskaduwing van

---

1) Van der Loos, H.: De boodschap van Jezus Christus naar de evangeliën <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom II, p. 154.
2) Mulder, H.: Theophilus, de "Godvrezende" <u>in</u> Grosheide: Arcana revelata, p. 86.
3) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 372-373.
4) Buber: Der heilige Weg, p. 17-18.
5) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 164.
6) Ibid., p. 145.

God se finale verlossing van sy volk. [1]) Elke individu moet meewerk aan die voorbereiding van die wêreld vir die koms van die Messias: elke mens doen daarmee Messiaanse werk sonder om bewus te wees hoe ver dit strek. Ook die uiteindelike Messias sal aan God ondergeskik bly. [2]) Israel se strenge monoteïsme kom dus in verset teen Jesus op grond van sy verklaring dat Hy één is met die Vader. [3]) Uit Markus 10:18 maak Buber in dié verband die gevolgtrekking dat Jesus nie self God kan wees nie. [4]) Heldeverering is vir die Jood onaanvaarbaar en daarom was dit vir Israel onaanneemlik dat die ware Messias vir homself daardie titel sou opeis.

Jesus se bewussyn van die Messias te wees het op 'n wyse wat vir die mens ondeurgrondelik is, uit sy omgang met die Vader gespruit. Sy omgang met die Ou Testament as openbaring van God het daarin egter 'n beslissende betekenis gehad. [5]) In die besonder vind Hy sy taak en plek as Messias in Jesaja 53 en Daniël 7. Telkens het die profete die vertroue uitgespreek dat 'n klein res van die volk getrou sou bly en op plaasvervangende wyse God se kosmiese bedoeling met Israel sou verwerklik. Jesus was daarvan bewus dat Hy alleen hierdie res was. [6])

Jesus se Messiasskap maak 'n einde aan die wet, nie deur dit te verwerp nie, maar deur dit te vervul. Hierdeur verval 'n uiters belangrike deel van die Joodse religieuse opvattinge, naamlik die gedagte dat die mens deur nakoming van die bepalinge van die wet sý deel van die verbond met God kan vervul en op grond daarvan God kan dwing om ook sý deel van die verbond ten uitvoer te bring. Hierdie opvatting word ook deur Albert Schweitzer aangeraak met sy gedagte dat Jesus na Jerusalem gegaan en welbewus sy dood tegemoet gegaan het om deur sy sterwe God te dwing om die Koninkryk te laat kom. [7]) Die opvatting van die bedingingswaarde van die mens se prestasie is nie prinsipieel aan die Judaïsme eie nie, maar is in Jesus se tyd skynbaar algemeen gehuldig. Hierdie kontraktuele benadering van die verbond lê waarskynlik ook ten grondslag aan die ryk jongman se vraag: "Goeie meester, watter goeie ding moet ek doen sodat ek die ewige lewe kan hê?" [8]) Hierteenoor stel Jesus die volkome soewereiniteit van God: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie

---

1) Filson: The New Testament against its environment, p. 86.
2) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 249.
3) Ibid., p. 188.
4) Buber: Zwei Glaubensweisen, p.116. Vgl. Deissmann: Paulus, p. 100.
5) Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 53.
6) Van Leeuwen, W.S.: De verkondiging ven het Koninkrijk Gods in de evangeliën in Waszink e.a.: Het oudste Christendom II, p. 199. Vgl. Mark. 14:62; Joh. 6:47,51.
7) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 107.
8) Matth. 19:16.

trek nie." [1]) By Jesus lê al die klem op God se genade, nie op die mens se verdienstelikheid nie.

Die outoriteit van die Farisese uitbreiding van die wet word soms uitdruklik deur Jesus verwerp: die Sabbat is vir die mens gemaak, nie die mens vir die Sabbat nie, en die eienaar haal op die Sabbat sy kalf uit die put uit. Jesus wil enersyds deur sy leer van liefde die hardheid en gekompliseerdheid van die Farisese vertolking van die Tora versag; andersyds het Hy as Messias, as die Lydende Kneg, gekom om namens die sondaar God se straf te dra. Die mens kan niks doen om die straf op die sonde te versoen nie. In die oë van die Joodse leiers, vir wie die wet so heilig was dat dit van altyd af bestaan en selfs deur God bestudeer word [2]), en bygevolg die onvervangbare maatstaf van die mens se religieuse verdienstelikheid was, was dit ondenkbaar dat Jesus namens sondaars aan die eise van die wet kon voldoen sonder dat hulle hul deel bydra. Jesus verkondig "'n goeie tyding van groot blydskap", maar in die Joodse apokaliptiese geskrifte van die tydvak 200 v.C. tot 100 n.C. is die oorheersende gedagte dié van goddelike wraak in plaas van liefde. Vir die wêreld as geheel, en selfs vir die onregverdiges in Israel, was die boodskap een van angs, nie van hoop nie. Die Jode het in die waarde van vrees en straf geglo. Judaïsme is onbekend met die kenmerkende Christelike opvatting van liefde wat die sondaar en die gevallene opsoek. Die Joodse skrywers het wel verbasing uitgespreek dat God die meerderheid mense vir straf en verdelging geskep het, maar hulle het dit nooit betwyfel nie. [3]) Jesus se Messiasskap, net soos sy etiek, het in teenstelling daarmee op liefde vir die onverdienstelike mens berus: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." [4])

Met die klem wat Israel se geestelike leiers op stipte nakoming van die wet gelê het, was die beginsel van nie-eisende liefde vir hulle onbegryplik en gevaarlik. Vir die Joodse religieuse denke is die enigste rede vir die bestaan van Israel sy verbond met God en God bepaal in die wet hoe die mens dié verbond moet nakom. Daarmee is nakoming van die wet die voorwaarde vir Israel se bestaan. Jesus se versekering dat Hy gekom het om die wet te vervul, is oor die hoof gesien en sy aanvaarding van

1) Joh. 6:44.
2) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 144.
3) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 92.
4) Joh. 3:16.

mense wat nie die wetsbepalinge nakom nie, het aanleiding gegee tot die Fariseërs se beskuldiging dat Hy die wet verwerp. So 'n handelswyse sou Israel se bestaansreg in sy kern aantas. Daarom het die Fariseërs Jesus as 'n vloek beskou en gemeen dat dit voordeliger is dat een persoon sterf as dat die volk verlore gaan. Jesus se leer het vir hulle nie 'n debatteerbare teologiese beskouing behels nie maar het die voortbestaan van die volk self in gevaar gestel. Israel kon nie van die wet afsien nie want dit was die enigste rede vir sy bestaan.

Die volk se leermeesters het self nie begryp wat God se plan met sy volk was nie. [1]) Jesus se Messiasskap is die punt waar die weë van Israel en die Christendom van mekaar skei. Die Jood meen dat Israel nog die opdrag het om die skepping te voleindig deur die koms van die Messiasryk voor te berei, terwyl die Christen glo dat Jesus die klein res was en die opdrag vervul het waaraan Israel ontrou was. [2])

(f) <u>Onsterflikheid</u>.

Teen die einde van die Ou Testamentiese tydvak ondergaan Israel se aanvanklik materialistiese verwagtinge van die koninkryk van God 'n belangrike wysiging deurdat die Ryk ook na die toekomende lewe geprojekteer word. In teëstelling met die Griekse opvatting van die onsterflikheid en dus preëksistensie van die siel, leer Israel die opstanding van die hele mens. [3]) Aanvanklik baie materialisties [4]), was die opstandingsgeloof van die Fariseërs nogtans die eerste aarselende stap na die ontdekking van 'n nuwe religieuse dimensie.

In die "Apokalips van Baruch", 'n Joods-Palestynse godsdienstige werk van die einde van die eerste eeu n.C., word gespekuleer oor die aard van die opstanding uit die dood. Dit toon op so 'n onmiskenbare wyse op watter lae peil die opstandingsgeloof selfs in hierdie tyd nog gestaan het, dat dit geregverdig lyk om die volgende betreklik omvattende vertaalde aanhaling daaruit te gee: "And He answered and said unto me: 'Hear, Baruch, this word ... For the earth will then assuredly restore the dead, which it now receives, in order to preserve them, making no change in their form, but as it has received so will it restore them, and as I delivered them unto it, so shall it raise them. For then it

---

1) Joh. 3:10.
2) Flesseman-van Leer, E.: De afwijzing van het Christendom door Martin Buber <u>in</u> De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 131.
3) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 85.
4) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 398, 436, 441. Vgl. Thackeray: The relation of St. Paul to contemporary Jewish thought, p. 108.

will be necessary to show the living that the dead have come to life again, and that those who had departed have returned (again). And it will come to pass, when they have severally recognised those whom they now know, then judgement will grow strong, and those things which before were spoken of will come ... And it will come to pass that when the appointed day has gone by, that then shall the aspect of those who are condemned be afterwards changed, and the glory of those who are justified ... Also (as for) the glory of those who have now been justified in My law, who have had understanding in their life, and who have planted in their heart the root of wisdom, then their splendour will be glorified in changes, and the form of their face will be turned into the light of their beauty, that they may be able to acquire and receive the world which does not die, which is then promised to them." [1]) By hierdie opvatting van 'n gedeeltelike verheerliking van die stoflike liggaam sluit 'n rabbynse verhandeling, Bereschith Rabba, aan: "The Holy One will heal in the future world everything which He has stricken in this: man rises indeed with his old infirmities, blindness, lameness, etc., in order that his identity may be established, but these deficiencies are then immediately made good." [2])

Naas hierdie opvattinge was die gedagte algemeen dat die toekomende lewe slegs 'n voortsetting van die stoflike genietinge van die teenwoordige lewe sal wees waarin eet, drink en die huwelik gewoonweg sal voortgaan. [3])

Dat die geloof aan 'n opstanding uit die dood ten tye van Jesus in Israel reeds algemeen verbreid was, blyk onder meer uit Johannes 11:23-24: "Jesus sê vir haar: Jou broer sal opstaan. Martha antwoord Hom: Ek weet dat hy sal opstaan in die opstanding in die laaste dag." Ook die gedagte van loon en straf in die hiernamaals moes bekend gewees het volgens die gelykenis van die ryk man en Lasarus [4]) en volgens Markus 9:43-48.

Jesus sluit by hierdie deurbrekende opstandingsgeloof aan maar plaas dit op 'n hoër geestelike vlak. Ook hier verskuif Hy die klem van die mens na God: die opstanding uit die dood sal nie slegs 'n herontwaking wees nie, maar 'n transformasie, 'n herskepping. [5]) "What, therefore, in our present relations is of the earth, and of our present body of sin and corruption, will cease; what is eternal in them will continue ... And

1) Thackeray: The relation of St. Paul to contemporary Jewish thought, p. 115-116.
2) Ibid., p. 117.
3) Ibid., p. 118.
4) Luk. 16:19-31.
5) Matth. 22:30. Vgl. Edersheim: The life and times II, p. 401.

herein also consists the dignity of man, in virtue of the Redemption introduced, and, so to speak, begun at his Fall, that man is capable of such renovation and perfection ..." 1)

Jesus spreek nie dikwels oor die ewige lewe nie maar as Hy daarna verwys, doen Hy dit met die grootste sekerheid en vanselfsprekendheid: "In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het." 2)

Die opvatting van 'n opstanding uit die dood is nie 'n toevoeging tot die Joodse geloof nie maar 'n bestanddeel van die oudste religie van Israel: "En wat die dode betref, dat hulle opstaan - het julle nie gelees in die boek van Moses, in die gedeelte oor die doringbos, hoe God vir hom gesê het: Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob nie? God is nie 'n God van die dooies nie, maar 'n God van die lewendes." 3) Die gedagte van die opstanding was eeue lank nie 'n aktiewe aspek van die Joodse geloof nie 4), maar dit was sluimerend altyd aanwesig. Op sy tyd het God die lig daarop laat val en dit laat uitgroei tot die sluitstuk van die Christendom. Tydsomstandighede moes eers daarvoor ryp word. Eers toe in die tyd van die Romeinse heerskappy die gemeenskapsverbondenheid verval en die enkeling na vore getree het, eers toe aardse gelukverwagtinge in lyding en ontgogeling geblus is, het die Joodse mens se oë oopgegaan vir hierdie waarheid wat sedert Moses se dae in sy godsdiensopvatting gelê het.

Só gesien, kan die opvatting van 'n ewige lewe as 'n hoër vorm van bewussyn van God se wese beskou word. "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige en waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het." 5) Die ewige lewe is nie slegs 'n toekomstige bestaan nie: dit is kennis van God en geloof in Jesus. Daardeur is dit nie iets wat met die opstanding verkry word nie, maar 'n toestand wat nou reeds bestaan. "Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo sal nooit sterwe tot in ewigheid nie." 6) Die ewige lewe is met ander woorde iets anders as die lewe van die liggaam; dit is 'n lewe ooreenkomstig die woord van Jesus: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as iemand my woord

---

1) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 401.
2) Johannes 14:2..
3) Markus 12:26-27.
4) Buber: Zwei Glaubensweisen, p. 130.
5) Johannes 17:3.
6) Johannes 11:25-26.

bewaar, sal hy die dood in der ewigheid nie sien nie." 1) "My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie." 2) Jesus is self die Weg en die Lewe. Daardeur sluit vir wie in Hom glo aarde en hemel, hier en hierna aaneen. Hy is die Messias, die brug oor die sonde en die dood. Om dit duidelik te laat blyk, het Jesus ná sy opstanding weer 'n liggaam. 3)

Jesus se oorwinning oor die dood kan, soos sy Messiasskap, nie vanuit aardse oogpunt begryp word nie, en wie sy Messianiteit ontken, ontken ook dat Hy uit die dood opgestaan het. 4) Die oortuiging dat Hy dit wel gedoen het en wie in Hom glo sal opwek, het die grootste krag geword waardeur die evangelie mense vir Jesus gewin het. 5) Dit is 'n oortuiging wat nie in die rasionele wortel nie, maar deur God self geskenk word aan wie Hy wil, en wie nie daarvoor gevoelig is nie, kan Jesus se ware wese nie begryp nie. In die Israel van sy tyd het God toegelaat dat die leermeesters van die volk die grootste deel van die nasie se oë vir dié waarheid verduister.

C. Samevatting.

Net soos die Ou Testament gee Jesus ook geen gesistematiseerde mensbeskouing nie. Nog veel meer as wat in die Ou Testament die geval was, staan Jesus in 'n direkte, lewende verhouding tot die mens. Waar Israel die klem op die wet gelê en dus die enkeling se gedrag aan die verbesonderde kasuïstiek onderhewig gemaak het, is Jesus self die Weg, die vervulling van die wet. Daardeur verloor die wet sy gelykmakende en regimenterende funksie. In die ontmoeting met Jesus kom die enkeling na vore: hy is as persoon in direkte kontak met God en hy is persoonlik verantwoordelik vir wat hy van dié kontak maak, nie alleen in sover dit homself betref nie, maar ook waar dit die medemens raak. In plaas van 'n optrede wat deur die wet vir almal in besonderhede voorgeskryf is, eis Jesus van die enkeling 'n persoonlike beslissing vanuit die totaliteit van sy wese en sy konkrete situasie, en daarmee eis Hy van hom persoonlike verantwoordelikheid wat geestelike en religieuse groei stimuleer.

Hiermee bring Jesus 'n nuwe begrip vir Israel en terselfdertyd iets wat veel meer is as die egoïstiese individualisme van Hellas: Hy bring

---

1) Joh. 8:51.
2) Joh. 10:27-28.
3) Luk. 24:38-43.
4) Matth. 28:11-15.
5) Von Harnack: Lehrbuch der Dogmengeschichte, p. 95.

die besef van individuele sonde en individuele verantwoordelikheid daarvoor. Hy laat die enkeling voor God tree sonder die tussenmuur van die wet en sonder die geleentheid om in die gemeenskap onder te duik. "It is difficult to make people realise that owing to racial and national solidarity the individual consciousness of sin was not developed among the Jews. 'We are the children of Abraham,' they argued, 'and in this way we stand and fall with the nation.'" 1)

Vir die opvoeding het hierdie klem op die persoonlike verantwoordelikheid van die individu die grootste betekenis: elke mens is daardeur verantwoordelik vir wat hy van sy moontlikhede maak en kan nie op grond van die gemeenskap se kollektiewe gedrag gered word of verlore gaan nie.

Die klem op die enkeling ontruk hom egter nie aan die bande van die gemeenskap nie: die mens moet sy medemens net so lief hê soos homself en God moet hy bo alles bemin. 2) Jesus beklemtoon telkemale die onverbreekbaarheid van hierdie transendentele driehoeksverhouding wat ook na die ewigheid geprojekteer is. Deur die verantwoordelikheid van die enkeling te benadruk, verleng Hy trouens die basis van die God-mens-medemens driehoek om nie alleen die Joodse volksgenoot nie maar die hele menseras in te sluit. 3) Met sy eis van liefdebetoon ook aan die nie-volksgenoot 4) deurbreek Hy die enge Joodse eksklusivisme. Hierdie deurbraak sou deur die apostels se sendingwerksaamheid tot die hele wêreld van dié tyd uitgebrei word, wat van die Christendom 'n universele godsdiens sou maak.

Terselfdertyd moet daarop gewys word dat die universaliteitsgedagte reeds 'n belangrike bestanddeel van die Judaïsme was en dat Jesus eintlik net 'n belangrike aspek na vore gebring het wat, hoewel latent en verwaarloos, van die begin af daarin aanwesig was. Israel se monoteïsme lei naamlik onafwendbaar tot die opvatting dat God die Vader van alle mense moet wees. Met sy nasionale eksklusivisme het die grootste deel van die Joodse volk egter nie hierdie logiese voortbou gemaak nie. 5)

Omdat Israel hierdie uitbreiding van God se liefde tot alle mense teëgestaan het, het die evangelie na die heidene gegaan. "Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk

1) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 73.
2) Dit is ook die kern van die gebed wat Jesus sy dissipels geleer het. (Matth. 6:9-13).
3) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 356.
4) Matth. 15:21-28.
5) Vgl. Levison: Op. cit., p. 188.

gegee word wat die vrugte daarvan sal dra" [1]), want "die bruilof is wel gereed, maar die genooides was dit nie werd nie." [2]) Israel se geestelike leiers was uit hoofde van hulle beheptheid met die stipte nakoming van die wetsvoorskrifte nie in staat tot die onvragende liefde wat Jesus van sy volgelinge eis nie. Daarom is die Koninkryk tydelik van Israel weggeneem. Ondanks die volk se ontrou bly God se uitverkiesing van sy verbondsvolk egter onaangetas want Hy kan nooit ontrou word nie.

Nog 'n belangrike verskil van Jesus se leer met dié van die rabbi's is dat hy die Farisese wetsvoorskrifte met die eis van éérste-liefhê vervang. Dit is 'n uitvloeisel van die sentrale posisie waarin Hy die enkeling met sy persoonlike verantwoordelikheid plaas. Hiermee bevry Jesus die uniekheid van die mens van die regimentering van wetsbepalinge wat onder alle omstandighede vir alle mense geld en geen individuele nuansering toelaat nie. [3])

Jesus bevry die mens egter nie alleen van die dwang nie maar ontneem hom ook die gerusstelling van die wetlike sisteem en stel hom voor die opdrag om ooreenkomstig sy konkrete omstandighede en eie uniekheid persoonlike uitvoering te gee aan die gebod tot liefdebetoon. Die vervanging van die outonomie van die wet deur die prerogatief van genade en liefde is 'n fundamentele verskil van Jesus se leer met die tradisionele Joodse. "Rabbinism placed acceptance at the end of repentance, and made it its wages ... The Gospel places acceptance at the beginning of repentance, and as the free gift of God's love." [4]) Israel stel die mens se bydrae tot sy verlossing as eerste voorwaarde; Jesus sien daarteenoor God as soewerein, al-magtig, al-liefdevol, die Vader wat nie goeie werke en wetsgehoorsaamheid eis nie, maar vry-uit sy genade skenk. Vir Israel moet die mens God se genade verdien, volgens Jesus word dit hom liefdevol geskenk. [5]) Hier lê die fundamentele verskil tussen die beskouinge van Israel en die Christendom: die Jood is nie bereid om te erken dat die gevalle mens tot niks goeds in staat is en slegs deur God se genade gered kan word nie: hy wil self daartoe bydra.

Met die eis van deemoedige aanvaarding van eie onmag en as keersy die dankbare aanname van God se vry-geskenkte liefde, plaas die Christendom die opvoeding voor 'n besonder moeilike en subtiele opdrag. God

---

1) Matth. 21:43.
2) Matth. 22:8. Vgl. 23:13.
3) Vgl. Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 239, 253.
4) Ibid., p. 255.
5) Vgl. Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 323.

kom daarmee sentraal in die lewe en in die opvoeding te staan: menslike handelinge is nie aanleiding tot die mens se redding nie maar uitinge van dankbaarheid oor sy redding. Die Judaïsme se sterk motivering van verwagte loon op goeie dade ontbreek daarby heeltemal.

Uit voorgaande blyk dit dat Jesus se leerstellinge, hoewel hulle in die Joodse religie wortel, nogtans ingrypend daarvan verskil. Die rede vir die verskil is telkens nie dat Jesus 'n vreemde toevoeging tot die Joodse geloof gemaak het nie, maar dat Hy logies uitbou wat van die aanvang af daarin latent en dikwels onvermoed gelê het. Sy leer is daarmee nuut, nie in die sin dat dit vreemde opvattinge tot dié van Israel toevoeg nie, maar dat dit belangrike denkbeelde wat by Israel onontgin gelê het, aan die lig bring en as bousteen vir 'n nuwe verhouding tot God en die medemens aanwend. Ook die deurtrek van die mens se bestaan by die dood verby na die ewigheid is hiervan 'n voorbeeld.

Wanneer Jesus in sy direkte ontmoeting met die mens beskou word, is dit moontlik om sy antropologiese beskouinge in meer besonderhede daaruit af te lei.

Net soos Israel erken Hy geen liggaam-siel dualisme nie; daarom kon Hy in mensegestalte op aarde verskyn en kon Hy vreugde in die lewe verkondig. Hy verskil egter van die tradisionele Joodse beskouing oor materie deur die opstanding van die liggaam die hoeksteen van sy leer te maak maar daaraan 'n inhoud te gee waardeur Israel se materialistiese jenseitsverwagtinge vergeestelik en veredel word. Vir Jesus staan liggaam en materie in diens van die Godsryk: die materie is 'n heenwysing na God. Waar die Jood die klem op die aarde laat val het, lê Jesus dit op die jenseits.

Jesus se opvattinge oor die mens in gemeenskap is 'n veredeling en uitbreiding van die Joodse. <u>Elke</u> mens is die naaste en die band tussen mense is nie nakoming van die wet nie maar naasteliefde wat 'n vrug is van God se alomvattende en al-vergewende liefde vir die mens. Anders as die Jood lê Jesus groot klem op die waarde van die enkeling, wat in sy besondere liefdediens aan God en aan die medemens lê. Daarmee eis Jesus van die mens drastiese aktiwiteit in diens van die liefde, maar in teëstelling met die opvatting van die Jode en van Plato predik Hy nie 'n aardse gelukstaat nie: Hy verlê die voleindiging na die hiernamaals.

Ook die huwelik wortel in God se liefde vir die mens en moet dus 'n weg wees wat na God lei. Jesus gee met sy vanselfsprekende aanvaarding van die vrou as medekind van God aan haar die eerbare posisie terug wat

sy oorspronklik in Israel beklee het voordat dit deur die Helleniseringsproses verlaag is. Ook aan die man-vrou verhouding gee Jesus 'n diepe geestelike betekenis: die huweliksliefde wys terug na die bron waaruit dit voortvloei, naamlik God se onvragende liefde vir die mens, maar terselfdertyd wys dit vorentoe na die ewige geluk van die hiernamaals wanneer Christus self die Bruidegom sal wees.

In sy opvoedingsgedagtes lê Jesus die nadruk daarop dat Hy self die enigste ware leermeester is. 1) Die opvoeding word daarmee 'n eenvoudige maar alles-omvattende opdrag wat nie op die intellek of op kasuïstiek gerig is nie maar op die liefde. Die toegang tot God is nie die logiese rede nie, maar liefdevolle vertroue. Ware kennis word slegs deur liefdevolle ontvanklikheid verkry en die opvoeding moet die mens dus tot deemoed, gehoorsaamheid en onvragende vertroue in Christus bring. Terselfdertyd wys Jesus in die gelykenis van die saaier daarop dat nie alle mense tot liefde opvoedbaar is nie. Die opvoeder moet soos Johannes die Doper wees wat die mens gevoelig stem vir God se aanroep, hy moet soos die saaier wees wat die saad uitstrooi sonder om te vra na die verdienstelikheid van die aarde wat dit ontvang: sy taak is om kwistig te saai en die vrugbaarheid en die groei aan God se beskikking oor te laat. Terselfdertyd moet die opvoeder se uniekheid deur kontak met Christus ontwikkel wees: hy moet sout in hom hê, hy moet soos 'n offerande deur die liefde van God gesout wees.

Net soos Israel roep Jesus sy volgelinge nie op om menslike voorbeelde na te volg nie en wanneer Hy wel 'n mens as voorbeeld voorhou, is dit 'n persoon van nederige status maar met 'n gesindheid van diensbaarheid en ontvanklikheid.

In 'n ewigheidsverlenging van die Joodse liniêre geskiedenisbeskouing waarvolgens 'n aardse utopie tot stand sou kom, verskuif Jesus die voleindiging van die geskiedenis na die jenseits: Hy bring nie die verwagte aardse vrederyk nie maar werp inteendeel vuur op die aarde. In plaas van die verwagte politieke Messias is Hy die beloofde maar miskende Lydende Kneg. Op die mens rus dus nie meer die onvolbringbare taak om deur sy eie inspanning die koms van die Messias moontlik te maak nie; hy moet slegs in deemoed en geloof aanvaar dat Jesus die verlossing gebring het en Hom volg. Ook hiermee stel Jesus aan die opvoeding 'n subtiele en veeleisende taak. Die motivering van direkte loon op die mens se dade val weg voor die eis van liefde vir God en mens - selfs vir die vyand - uit dank-

1) Matth. 23:10.

baarheid vir God se reddende genade.

Ook in die tradisionele Joodse arbeidsbeskouing bring Jesus 'n ingrypende wysiging: die mens kan nie deur sy werke die koms van die Messias voorberei en so God se seën afdwing nie. Waar die Joodse arbeidsetos tot oorwaardering van die materiële gelei het, waarsku Jesus uitdruklik teen die mag wat besittings oor die mens kan kry. Arbeid, selfs in diens van die medemens, kan, as dit te ver gevoer word, nie alleen in die weg van die mens se ware geluk staan nie, maar kan selfs teen God gebruik word. Waar Jesus teen arbeidsoorskatting waarsku, verkondig Hy nogtans nie daadloosheid nie: die eis van liefde vir die medemens verg inteendeel die mens se aktiewe betrokkenheid en inset. Liefde vir die medemens is liefde metterdaad. In teenstelling met die Joodse opvatting van arbeid ter wille van beloning stel Jesus arbeid as liefdevolle diens uit dankbaarheid vir God se liefde.

Soos in Israel se lewensbeskouing speel lyding ook in Jesus se leer en lewe 'n grootse rol: deur lyding kom die mens tot die heling van die breuk met God. Lyding is heenleiding na God. Aanvaarding van lyding beteken onderskikking aan God se wil. Lyding kan, soos in die geval van Petrus, tot liefde vir Jesus lei, of dit kan steriel wees en tot geestelike ondergang voer soos by Judas Iskariot. Ook in lyding is die mens se vryheid en persoonlike stellingname van deurslaggewende betekenis. Die enkeling het die taak om sy lyding sinvol te verwerk deur daarin die liefde van God aan die werk te sien.

As Messias knoop Jesus die offensief teen lyding aan. Hy verwyder nog nie die lyding uit die wêreld nie, maar toon die ware betekenis daarvan as God se weg om die mens na Hom te bring. Daarom vermeerder Hy trouens die aardse lyding. Die mens mag nie na die rede vir sy lyding vra nie maar moet dit vertrouend in God se hande laat. Hoewel sonde en lyding eers met Jesus se wederkoms oorwin sal word, bevry die ewigheidsprojeksie wat Hy aan die mens se lewe gee hom reeds nou van die uitsiglose vrees vir die dood en lyding.

Met sy beklemtoning van God se liefdevolle Vaderskap verbind Jesus religie en moraal tot 'n onoortrefbare etiese norm: die mens moet ander liefhê omdat God hóm liefhet, hy moet gee sonder om te verwag omdat God voortdurend aan hóm gee sonder om te eis. Niemand is van God se liefde uitgesluit nie, en daarom moet hy elke mens liefhê. Jesus vat die hele uitgebreide wetskompleks van die Ou Testament in die eenvoudige liefdegebod saam, verstaanbaar vir die eenvoudigste mens, onuitputlik vir die

mees begaafde ondersoeker. Hy plaas die mens telkens in 'n direkte, persoonlike verhouding met die medemens en met God, in 'n verhouding van persoonlike verantwoordelikheid, onbelemmerd en ongesteun deur sisteemdenke of die blinde wetsgehoorsaamheid wat die Fariseër eis. So is elke mens persoonlik verantwoordelik vir sy dade en gesindhede want Jesus vervang die uiterlike dwang van die wet deur die innerlike drang van die liefde wat nie voorskryf nie maar aan elke mens sy vryheid van beslissing met die meegaande verantwoordelikheid en ruimte vir geestelike groei skenk.

Met sy uitverkiesingsopvatting lê Jesus die klem op God se almag. God is die soewereine wat op geen manier gebind kan word nie. Dit is Hy wat die mens uitkies en nie, soos die Jode ooreenkomstig die kontraktuele in die verbondsgedagte meen, die mens wat God kies nie. Nogtans maak God nie van die mens 'n blinde werktuig nie maar laat aan hom die vryheid om te antwoord op sy geroepenheid of om dit te verwerp, om vír of téén God te kies. Daardeur is die mens deurgaans verantwoordelik vir sy dade want verantwoordelikheid kan slegs op vryheid berus.

Ook wat sy Messiasskap betref laat Jesus die lig op God se soewereiniteit val. As Messias vervul Hy die wet en vervang die uiterlike bepalings van die wet met die innerlike gesindheid van liefde uit dankbaarheid vir dié verlossing. Hy verwerp die Joodse kontraktualisme waarvolgens die mens se werk voorwaarde vir God se genade sou wees en waardeur God in sekere sin in die hand van die mens gegee sou wees. Vir Jesus is God alles en die mens, hoewel voorwerp van sy onbegryplike liefde, is nie in staat om tot God se verlossingswerk by te dra nie.

Een van die belangrikste elemente van Jesus se leer is die geloof aan die opstanding van die liggaam waardeur Hy die belangrikheid van die aardse bestaan in verkleinde perspektief stel teenoor die ewige. Jesus bou hier eweneens 'n gedagte wat in Israel se geloof latent aanwesig was tot 'n geloofsekerheid uit. Daarby vergeestelik en veredel Hy die materialistiese Joodse toekomsverwagtinge en stel dit as 'n ondeurgrondelike misterie in die hand van God. Die ewige lewe bestaan reeds nou en Jesus is self die Weg en die Lewe want as Messias oorbrug Hy die dood. Daarmee lê Hy weer eens die klem op die almag van God en op die misterie van sy wese en handelinge.

Samevattend kan gesê word dat die mens in Jesus se antropologie 'n veel kleiner en nederiger mens is as in die Joodse mensbeskouing: hy kan niks doen om God se plan te bevorder of te verhinder nie, hy kan aan God geen voorwaarde stel nie, hy kan niks tot sy eie redding bydra nie

maar slegs in vertroue en dankbaarheid God se liefde aanvaar en dit aan sy medemens vergeld.

Terselfdertyd is die mens in Jesus se antropologie 'n waardiger en grootser mens as dié in die Joodse opvatting: hy is die voorwerp van God se grenselose liefde want God offer in Jesus Homself om die mens te red. Die lewe van die mens het in Jesus se leer 'n ewigheidsverlenging en in die hiernamaals sal hy soos die engele wees. Vir hierdie lewe kry hy die opdrag om ander lief te hê soos God hóm liefhet: hy moet éérste liefhê. Sy lewe kry sin deur diens aan ander en deur die wete dat sy bestaan by die aardse en die materiële verbystrek.

Die opvoedingseis wat uit hierdie antropologie voortvloei, is subtiel en veeleisend. In plaas van die Griek se fierheid en trots, in plaas van die Jood se konsepsie van vennootskap met God waardeur hy op grond van eie prestasie in die nakoming van die verbond aan God voorwaardes kan stel, is die mens van Jesus 'n nederige, niks-eisende mens. Hy is volkome afhanklik van God se genade, maar deur die geloof in Jesus is hy in gedurige kontak met God se liefde, waardeur hy nie alleen tot lewensvreugde en tot werklike liefde vir die medemens in staat is nie, maar tewens daartoe verplig is. Dit is egter nie 'n plig wat van buite opgelê is nie: dit is 'n innerlike behoefte om die lewende water van God se liefde wat hom onuitputlik geskenk word, aan ander mee te deel.

Om die kind tot die mens van Jesus se antropologie te help vorm stel aan die opvoeding die hoogste eise. Aan die opvoeder stel dit bo alles die eis van liefde vir die kind wat gedra word deur die liefde van God en vir God. Daarmee is liefde die uitgangspunt, die verloop en die doel van die opvoeding.

Oor die implikasies wat dit vir die opvoeding van die moderne tyd inhou sal in die laaste hoofstuk van hierdie studie nader besin word.